# TVLU & OVERVAAL GEDENKBLAD 1925 – 2025



# VLU OVERVAAL 1995 – 2025


TRANSVAALSE VROUE-LANDBOUUNIE
Tapisserieë vir die nageslag

## PRESIDENTSREDE



Op 9 September 1925, neem agtien brawe vroue die besluit om die Transvaalse Vroue Landbou Unie te stig. Ek wonder of hierdie vroue daaroor gedroom het dat hierdie organisasie vir 'n 100 jaar sal bly voortbestaan.

Die insig van Mev Edith O'Connor en Majoor Hunt van die Transvaalse Landbou-Unie het 'n daadwerklike verskil in die lewe van duisende vroue gemaak.

Alle eer en dank aan die vroue wat die afgelope honderd jaar deel van die TVLU en later VLU Overvaal was. Vroue wat ten spyte van soms moeilike ekonomiese omstandighede volhard het met die groei en uitbreiding van ons organisasie.

Mev. O'Connor sê 27 jaar later in 1953 "More recent members may have wondered on what basis an organisation for the benefit of women on the land took shape nearly 30 years ago? Well, the basis was faith, hope and charity! Enthusiastic faith in the fine qualities of our country women, a fervent hope that their responses to an organisation devoted to their interests would be unstinted and a rather hesitating charity that contributed exactly 5/-, at the rate of 1/- each from our first Committee of five. Perhaps you think that this basis was somewhat unsubstantial? But surely the results are its justification?"

Die VLU is 'n organisasie met soveel mylpale. Beskrywingspunte en voorstelle wat gelei het tot algemene praktyke wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar.

Wanneer ons vir mense vra "*Wat beteken die VLU Overvaal vir jou*?", hoor ons stories van verryking en vaardigheidsontwikkelling en van vroue wat kon opstaan en hulle stem laat hoor, van vroue wat hul eie verwagtinge oorskry het. Stories van die waarde van samesyn en ondersteuning. Stories van behoort en liefde. Die VLU Overvaal se voetspoor is duidelik sigbaar.

As ons gaan nadink oor wat ons organisasie reeds vermag het, kan mens nie anders as om kinderlik opgewonde te raak oor die VLU Overvaal se vooruitsig nie. Kom ons eer ons eie nalatenskap sodat ons 'n organisasie vir toekomstige lede nalaat waar hulle die geleentheid het om alle fasette van vrouwees uit te leef.

Kom ons praat positief en tree positief op. Kom ons leef Mev. O'Connor se woorde uit deur die toekoms met geloof aan te pak en hoopvol te leef in die duidelike wete dat die VLU Overvaal sal bly voortbestaan.

Mev. O'Connor het gereeld die volgende woorde van Abraham Lincoln aangehaal en ek wil hierdie woorde eggo. *"Determine that a thing can and shall be done and then we shall find a way."*

Baie geluk met hierdie besonderse mylpaal!

Dit is 'n voorreg en eer om van hierdie dinamiese organisasie deel te wees.

*Barbara Nell*

President, Overvaal VLU

*OUR FUTURE*

*'I have tried to show how our organization, beginning with nothing but enthusiasm and devotion of a handful of women, has grown into a most useful society of great potential value to the women of the veld. I do truly believe it may become one of the greatest forces for good in South Africa - **provided** it retains the principles on which it was founded, viz those of a non-racial, non-sectarian, non-political-party bilingual organisation open to women.*

*Let us realize that our future lies in our own hands. Much remains to be done. We need the enthusiastic and devoted service that distinguished our earliest years. Above all, we need to remember that forces of destruction - such as uninformed criticism, deliberate misrepresentation, greed, envy, jealousy - never sleep, they are always on the watch seeking an opportunity to enter and destroy.*

*- Edith O'Conner*

*CONGRESS 1937*

*'It is well to remind ourselves, now and then of the ideal that lies at the foot of our union - the ideal of service before self. It is often easier to give money than to give time, knowledge, vital energy or personal service'*

*- Edith O'Conner*

Die vrou is die sout van die aarde,
die suurdeeg, beskou op die keper:
al hoër steeds rys sy in waarde:
sy's beide die sout en ... die peper!


Wie ter wêreld verstaan ooit die vrou,
en wie sal haar geheimenis weet?
Haar verjaarsdae moet jy onthou,
maar haar ouderdom moet jy vergeet!
- AG Visser

*When the rate of change outside exceeds the rate of change inside, the end is in sight.*

*To combat concern of dwindling membership, workshops need to be held with accent on recruitment with possible marketing strategy, a possible change in name, how to handle change, relevant lifestyles, staying in tune with technological revolution and the status and image of SAWAU.'*

*- Anna Boshoff*

**GROETEBOODSKAP VAN TLU SA AAN VLU OVERVAAL**



" Wees die verskil"

Met groot dankbaarheid en trots rig TLU SA sy hartlikste gelukwensinge aan die TVLU met die viering van 100 jaar van diens, toewyding en bouwerk deur die vrou. Ons wil ook spesiaal hulde bring aan VLU Overvaal wat vanjaar hul 30ste bestaansjaar herdenk. Inderdaad kan met trots terug gekyk word om te weet – julle "was die verskil!"

Die SAVLU is veel meer as net 'n susterorganisasie van TLU SA — julle is bondgenote in die bou van sterk, gesonde en volhoubare gemeenskappe. Vanuit 'n gedeelde geskiedenis het die SAVLU en TLU SA hand-aan-hand gewerk om begronde waardes, gesinne en gemeenskappe te versterk. Julle lede se toewyding aan die opheffing van vroue in die breë, die oordra van kennis, kultuurbehoud en diens aan ander is 'n lig wat helder skyn in 'n wêreld wat soms donker en onseker is.

Ons eer elke vrou wat deur die eeu heen haar rol gespeel het in hierdie dinamiese beweging — van pioniers tot hedendaagse leiers. Mag die pad vorentoe geseënd wees met nuwe energie, vars roepingsbewustheid en voortgesette geloof in ons Skepper, land en mense.

Mag hierdie gedenkjaar nie net 'n terugkyk wees nie, maar 'n inspirasie vir die toekoms.

Met waardering en dank,

Bennie van Zyl
Hoofbestuurder, TLU SA

*WILKERSON'S LAW*
*The anatomy of any working group include five kinds of bones:*
1. *Wish bones - Go along with any idea but wants others to do the work*
2. *Jaw bones - Talk a lot but do nothing*
3. *Knuckle bones - Knock everything every-one else does*
4. *Sitting bones - Sit throughout a meeting without doing or saying anything*
5. *Back bones - Do all the work*

*-TWAU News - March 1992*

**GROETEBOODSKAP VAN SAVLU**

Dit is met groot waardering en trots dat ek julle gelukwens met hierdie besondere mylpaal van 30 jaar se toegewyde diens, samehorigheid en volgehoue betrokkenheid by en vir die belange van die stedelike vrou en uitgebreide gemeenskappe. Oor drie dekades het VLU Overvaal 'n toonbeeld geword van vrouekrag, leierskap en volharding. Julle het nie net 'n verskil gemaak in die lewens van julle lede nie, maar ook 'n blywende bydrae gelewer tot die waardes en doelwitte waarvoor SAVLU staan.



The challenges that faced the founding members are very similar to the opportunities faced by today's members. Financial constraints, dwindling memberships, skewed perceptions, and technology. Whereas before, organisations were assisted by local agricultural unions, and at times, by the relevant governmental agency, this is no longer the case. The organisation had to become self-reliant in all matters pertaining to the operation of the organisation. An example is the printing of training manuals because the Government Printers ceased operating this subsidised service.

With the migration of the rural community into suburban residential areas, the suburban housewife had the corner café, then came along the supermarkets which catered for every need. Hence no need for preservation of products. The articles that were home crafted before became disposable items available at many shops.

The perception that the organisation is reserved solely for grandmas can only be addressed by those sitting next to you. To reference the training manual for Knitting and Crochet, which, surprisingly, in the 2018 revised edition, contains the following two statements:'

*Starched Novelties: Sometimes a class for **elderly ladies** of starched novelties is included,… '* and; *Results of poor tension: ... 'A judge must be more lenient with **those ladies in the 75-year**-and-above group.'* If no one complained about these statements, the perception remains! I honestly do not believe so if I look at the age of the members of this organisation. (Thankfully, these two comments will be removed.)

The greatest threat to the organisation is technology. Facebook, YouTube, etc. have an abundant library of ideas and videos that show you how to do whatever you wish - good reference material is available there. But **what is not there is** that cup of tea, that snippet of gossip, that feeling of belonging, whilst letting your fingers create a masterpiece amongst liked minded individuals.

Overvaal has managed to negotiate many of the obstacles mentioned, they are innovative, a results driven team of dedicated ladies that will continue to fly the newly branded banner into the future.

Mag hierdie feesjaar vir julle 'n tyd wees van dankbaarheid, herinnering en hernuwing – en mag dit die begin wees van nog vele jare van groei, invloed en inspirasie.

Baie geluk – ons vier saam met julle!

Cindy Coetzee

SAVLUPresident

# DIE BEGIN...

Die **Transvaalse Vroue Landbou Unie (TVLU)** is op 8 September 1925 om14:30 in die Pretoriase Stadsaal gestig as uitvloeisel uit 'n versoek van die mans van die Transvaalse Landbou Unie (TLU wat sedert 1897 bestaan). Die president van TLU, Majoor E.W. Hunt en Mev Edith O'Connor, enigste dame op die hoofbestuur van die TLU, het die aanvoorwerk gedoen en mans van al die distriklandbou-unies is gevra om hulle vroue na die kongres saam te bring. Terwyl die mans kongres gehou het, het 55 dames in ’n ander lokaal vergader en is 'n Vroue-afdeling van die TLU gestig. Die titel was "Die Vroue-afdeling van die Landbou Unie". Min van die 55 dames het aangesluit en die volgende dag was daar net 18 wat weer opgedaag het.

Mev O'Connor is as presidente verkies met vyf dagbestuurslede en elkeen dra 1/- (een sjieling) by tot 'n 'liefdadigheidsfonds' wat later ledegeld sou word.
’n Affiliasiefooi van £1 jaarliks aan TLU is aanvaar.

Daar is ook drie beskrywingspunte aangeneem, nl.

- ◊ dat vroue tot landbouskole toegelaat kan word,
- ◊ die Regering se Opvoedkunde Departement is gevra om Huishoudkunde as vak in hoërskole in te stel en
- ◊ die Vroue Federasie en Kinderwelsynsvereniging is versoek om hulle dienste na die platteland uit te brei.

Die behoeftes van die Transvaalse plattelandse vrou was groot. Vroue is geïnspireer om hulself te verryk wat naaldwerk, opvoeding, gesondheid, huishouding en openbare sake betref.

Takke is algaande oor die hele Transvaal gestig ten spyte van doemprofete se voorspellings. Voorligting van landbou- en huishoudkundiges het in die beginjare ‘n groot rol gespeel. In die depressie- en oorlogsjare was min bedrywighede moontlik maar kort daama is dit weer hervat.

Mev O’Conner sê later die volgende oor die basis vir die stigting “Enthusiastic faith in the fine qualities of our country women, a fervent hope that their response to an organisation devoted to their interests would be unstinted and a rather hesitating charity. It has established itself **as a practical form of adult education.**”

In 1928 kom die **"Federation of Women's Institutes"** in **Natal** tot stand. In Brittanje het 'n soortgelyke organinisasie reeds bestaan en die hoofsaaklik Engelssprekende Natal het goed aanklank daarby gevind.

In die **Kaapprovinsie** word die **Vroue Landbou Vereniging (VLV)** in 1929 gestig en in die **Vrystaat,** die **Vroue Landbou Unie (VLU)** in 1930.

Sedertdien is die **SWAVLU** ook in die vroeë vyftiger jare in **Suidwes Afrika** gestig en hulle het ingeval by SAVLU. Met latere politieke veranderinge is die naam verander na **Die Namibiese Vroue Vereniging.**

Die 1940’s was **wêreldoorlogsjare.** Takke gaan in reses en sommiges ontbind. Lede gooi hulle gewig in by die oorlogs-bystandpogings. Die 1950’s, die na-oorlogsjare, is ’n tyd van voorspoed en ’n groot vraag na boerderyprodukte. Mev. O’Connor moedig die dames aan: “Raise yourself, learn all you can, produce the best you can, organize and be of good courage.” En hierdie aanmoediging werp vrugte af. Baie takke word gestig en lede sluit aan. Gedurende die volgende jare brei die VLU uit na baie dorpe en stede. Die VLU word die

ONTSTAAN VAN DIE TRANSVAALSE

**VROUE-LANDBOU-UNIE**

J.G. O'Connor en sy vrou, Edith, het in 1913 uit die Vrystraat na die plaas Vlakplaas in die distrik Marico verhuis. Ná die dood van haar man het Edith alleen op die 3 000 morg plaas verder geboer en daadwerklik betrokke geraak by boereverenigings en ook ’n ywerige en aktiewe lid van die TLU geword.

Sy het voorgestel dat daar ’n vroue-afdeling vir die TLU georganiseer word. Op die 1925-kongres is die resolusie aanvaar waarvolgens die eerste tak van die Transvaalse Vroue-Landbou-unie gestig is.



Edith O’Connor.

Die Transvaalse Vroue-Landbou-Unie het vir etlike jare by die regering aangedring op ’n skema vir volwasse-opvoeding en met reg kan hulle aanspraak maak daarop dat hulle die fondamente van die Departement van Nasionale Opvoeding gelê het.

Daar is ook in die verlede gevra om die daarstelling van ’n opleidingsentrum vir dogters wat die skool verlaat het. Hierdie gedagtes het in 1971 gestalte aangeneem met die instelling van ’n leergang deur die SA Weermag vir meisies op George. Die Transvaalse Vroue-Landbou-unie was met sy stigting in 1925 enig in Suid-Afrika. Later het die gedagte ook uitgebrei na die ander provinsies en al hierdie verenigings het saam in 1927 die Suid-Afrikaanse Vroue-Landbou-unie geword.

*Uit TLU SA, 120 JAAR TOT DIENS VAN DIE BOER 1897—2017*

skakel waar die produsent en die verbruiker mekaar ontmoet, kommunikeer en mekaar leer verstaan. Daar word somerskole deur TVLU begin as deel van die opvoedkundige media, asook leierskapkursusse vir dogters en daar word kursusse aangebied oor vergaderingprosedure.

In 1960 word die **provinsie in streke verdeel** met elk sy eie bestuur en voorsitster. Die stelsel van konferensies vir streke en dan ’n jaarlikse kongres vir die provinsie, word gevestig. Klem verskuif van vaardigheid en kennis oor huishoudelike sake na ’n intellektuele kennis van die ekonomie, landsake, buitelandse sake, tegnologiese ontwikkeling en die snelle verandering in die wêreld. Namate die VLU momentum kry brei die belangstellingsveld ook uit. Studierigtings word bepaal en her-ingedeel en nuwe groepe word bygevoeg. Verslae van die jaar se werk word ingedien, eers by tak, dan by streek, dan by die provinsiale kongresse en dan by SAVLU se kongres.

Die ledetal in 1975 was 33,000.(Jubileumjaar)

Op 17 Junie 1931 kom die **Suid-Afrikaanse Vroue Landbou Unie** (SAVLU) in Bloemfontein tot stand onder die voorsitterskap van Majoor EW Hunt, president van die Suid-Afrikaanse Landbou Unie en Mev Edith 0’Connor as die eerste president.

Vanaf 1929 tot 1932 was ‘n moeilike tyd. Dit was depressiejare en boere was arm. Vrouens moes hul mans help om hul inkomste aan te vul en terwyl die lewe op plase afgesonder was, het vroue boonop ‘n behoefte gehad aan opheffing en soos gewoonlik, laat vrouens hulle nie onder kry deur enige iets nie. Hulle het seker ook maar die toekoms gevrees soos ons vandag ook nog, maar het voortgegaan en die nasionale organisasie gestig om sake op nasionale vlak aan te spreek.

**Eerste kongres:** 24 Augustus 1926.

**Eerste beskrywingspunt:** om ledegeld van 1/- (een sjieling) na 6d (pennies) te verminder.

**Groei** vanaf 8 takke in 1926 tot 26 in 1927 en 135 in 1948. Met die Jubileumviering in 1975 is daar 21 streke, 321 takke en 8931 lede, in 1978 word 7 nuwe takke gestig en 17 ontbind.

Met ontbondeling in 1995 is daar 6399 lede

Die **eerste kongres na die oorlogjare** was in 1945. Met die kongres in 1951 word TVLU in 14 streke/ sirkels verdeel. Die regering het baie hulp verleen d.m.v. die Departement Landbou-tegniese Dienste en Opvoeding Buite skoolverband, later Departement Nasionale Opvoeding se Afdeling Kultuursake genoem.

Stemreg vir vroue is in 1930 toegestaan.

**Depressie 1932:** in die moeilike jare was die VLU die inspirasie vir baie plaasvroue om dinge wat sy produseer, te benut vir haar gesin se oorlewing. Produkte is na vergaderings gebring en aan hulle dorpsusters verkoop om so ook hulle ledegeldverpligting te kon betaal.

Spesiale **Junior VLU-takke** is gestig om aandag aan die jeug te gee.

In 1938 is die TVLU by die simboliese Ossewatrek verteenwoordig. Met die oorlogsjare wat kort hierna volg, gaan sommige takke in reses, sommige hou net elke 3 maande 'n byeenkoms en ander gaan tot niet. Baie gooi hulle gewig by die die ondersteuning van die soldate in. Na die oorlog volg 'n tyd van voorspoed met 'n groot aanvraag na boerderyprodukte, hoë pryse en groot nywerheidsontwikkeling.

1964 was daar 18 streke en het **eie streeksbaniere** en takbaniere ontstaan.

**TVLU Presidente:**

| | |
|---|---|
| Mev Edith O'Connor | 1925.- 1946 |
| Mev Susan Retief | 1946 – 1949 |
| Mev Bessie van Heerden | 1949 - 1964 |
| Mev Hattie Martins | 1964 - 1970 |
| Mev Ria Becker | 1970 - 1976 |
| Mev Katie Lotz | 1976 - 1982 |
| Mev Ria Kritzinger | 1982 - 1988 |
| Mev Anna Boshoff | 1988 - 1995 |



*Susan Retief*



*Ria Becker*



*Hattie Martins*



*Bessie van Heerden*



*Katy Lotz*



*Ria Kritzinger*



*Anna Boshoff*

**Natal's WI haven for the elderly - EVELYN HOUSE**

Evelyn House is unique, the only retirement home in South Africa exclusively owned by the women of **The Federation of Women's Institute** in KwaZulu, Natal. The original property, "Oak Cottage" in Richmond, was leased and eventualy purchased for the sum of £750 in 1941 for use as a holiday home. The property was later sold and a larger property purchased and named "Evelyn House" - in honour of Mrs Evelyn Dent, the first FWI secretary and later President.

The original holiday home was transformed into a haven for the elderly and extended to house more people with permanent professional staff to take care of the 73 residents with a frail care wing and a large hobbies room.




**TVLU MYLPALE:**

- Tuisnywerhede. Sedert 1974 funksioneer hulle nie langer onder VLU vaandel nie maar onder hulle eie Asentrale Kooperatiewe Handelsmaatskappy van Tuisnywerhede Bpk.
- Biblioteke op die platteland word ingerig, ook reisende biblioteke.
- Handleiding vir Tentoonstellers & Beoordelaars.
- Beoordelaarskursusse.
- Opleidings-, leierskap- en dogters– en seunskursusse vind vanaf die beginjare plaas.
- Sedert 1956 is somerskole, gereeld gehou. Die eerste een is in Linden, Johannesburg gehou met tema "Die Vrou en haar omgewing".
- Burgerlikebeskermingskollege vir meisies gestig.
- Beurse en hulpfondse het ontstaan.
- Toneelfees 1968- 1969.
- Mosambiek se vegtende Soldategeskenkefonds: 1968, o.a. 2700 vrugtekoeke verpak en na grens gestuur.
- Suiderkruisfonds 1973 -1975. Later Manne op die Grensfonds genoem en volgehou tot in 1983.
- Affiliasie met verskeie ander organisasies en verenigings is deurentyd gevorm en verteenwoordiging op verskeie rade is oor die jare gehad soos die SA Rooikruis, SA Nasionale Veldtrust, Verbruikersraad (later Verbruikersunie/SANCU), produkterade soos Aartappel-, Piesang-, en vele ander rade, Red kerkplein, ensovoorts.
- Immigrante ondersteun met naturalisasie 2010.



JULIE 1975 T.V.L.U.-NUUS

1925- 50 -1975

JUBILEUMKONGRES - JUBILEE CONGRESS


VERVUL JOU ROEPING
FULFIL YOUR MISSION

**Liewe lede,**

Ons staan op die vooraand van 'n unieke gebeurtenis in die geskiendenis van die TVLU. Dit is 'n voorreg wat niemand voor ons nog gehad het nie en niemand na ons sal dit ooit beleef nie: Die viering van die Goue Jubileumfees van die Transvaalse Vroue Landbou-unie! Vanjaar hou ons weer ons kongres in Pretoria omdat die Unie 50 jaar gelede daar gestig is.

Vanwaar Unisa hoog bo Pretoria uittroon, sal u in u geestesoog die handjie vol vroue in diepe bepeinsing in die ou stadsaal kan sien sit waar hulle – met niks meer as geloof in hulle Skepper en 'n onwrikbare vertroue in die vroue van Transvaal nie – die stigting van ons tans magtige organisasie beplan het.

'n Jubileumalbum is vir die geleentheid saamgestel en op 9 September 1974 uitgegee. Dit bestaan uit 280 bladsye en die hele teks is in beide Afrikaans en Engels.
Ingrid vd Walt was die sameroeper van die Jubileumalbum waarvan 4000 kopieë teen R5 per eksemplaar gedruk is. Totale dukkoste: R16 572.66







*Die TVLU se vyftigste verjaarsdagviering het by die Universiteit van Suid-Afrika plaasgevind. Hier spreek dr. J. Malan van Johannesburg die vroue toe oor die belangrike rol wat die vrou as opvoedkundige in haar huis vervul.*



Beslis 'n swierige geleentheid waar meer as 900 lede teenwoordig was en hier is die verjaarsdagkoek.


Onder is die Hoofbestuur by die geleentheid.





Dit was 'n GROOT geleentheid en selfs Eerste Minister John Vorster en sy vrou Tini het onder die gaste getel waar hy die opening waargeneem het. *"Nog nooit in my hele loopbaan met al die kongresse wat ek al bygewoon het, het ek al so 'n kleurryke en aanskoulike kongres geopen nie" het die Eerste Minister gesê.*

- Suid-Afrikaanse Oorsig, 26 September 1975




*TVLU vier fees tydens kongres. Sentraboer is 'n borg en dun lapservette is gedruk met die spyskaart daarop.*

# 70 Bome vir 70 jaar

Wanneer Pretoriastreek uitgedaag word, is ons nie net dadelik gereed om dit te aanvaar nie, maar ook om daarop te verbeter!

70 Bome - dis nogal heelwat - hoe gaan soveel bome ooit in 'n stadsomgewing aangeplant word? Met streekvoorsitster Gisela de Vries se positiewe aanmoediging was dit 'n baie geslaagde poging en het al die takke hul deel bygedra.

Uiteindelik is altesaam 85 bome, wat vrugtebome, drolpere, doringbome, witstinkhoutbome en andere ingesluit het, by die volgende plekke geskenk of aangeplant: NG Kerk Hammanskraal, Moloto, plaasskole, Sungardens Hospice, tuinwerkers se huise en ander tuine.

## TVLU 70 jaar * TWAU 70 years



*Vier presidente bymekaar:*
*Hattie Martins, Ria Becker, Katie Lotz & Ria Kritzinger*

## GALA ETE

Op 29 Maart is 73 VLU lede en sommiges se gades deur Unisa genooi na 'n wonderlike Gala-aand in die Sheraton Hotel in Pretoria. Wat 'n deftige geleentheid! Kispakke en deftige rokke is afgestof en die dames en here het pragtig gelyk. Dit was ook wonderlik om heel party lede van die ou TVLU te sien.



***V.l.n.r. Agter: Clara Pretorius, Marie de Meyer en Christie Fourie. Voor: Georgie Louw, Johanna Oberholzer en Tina Ainslie.***



*1956 SAVLU Silver Jubileumkongres, Bloemfontein*
*(van links na regs) Mev E O'Connor, mev AS van Blerk, mev MJ Stofberg*

Pretoria & Pretoria-Noordstreek is gedurende Mei 1980 heringedeel en Pretoria-Suidstreek het ontstaan. Toe is daar drie streke.

Witwatersrand is in 1974 in twee streke verdeel, nl. Witwatersrand en Witwatersrand-Oos.



29 Maart 2007: Eretoekennings is deur Prof. Mrad Shahia, uitvoerende dekaan van Ekonomie & Bestuur van Unisa aan die ANC Vroue Liga en die SAVLU, twee vroueorganisasies wat die vroue van Suid-Afrika ophef, gemaak. Elke organisasie ontvang R30,000 wat vir 'n beurs aangewend kan word. Die ANC is verteenwoordig deur me Nonsiviwe Mapisa-Ngakula, president en minister van Binnelandse sake en Mev Anphia Grobler, President van SAVLU.

# SAVLU

In Julie1931 sien die **Suid-Afrikaanse Vroue Landbou Unie (SAVLU)** die lig. Dit is die oorkoepelende organisasie waarby die provinsies geafillieer is.

Na 1995 bestaan SAVLU uit 7 provinsies, nl. VLU Overvaal, VLU Mpumulanga, VLU Noord, VLU Noordwes, Vrystaatse VLU, Natal se "Women's Institute" en die Namibiese Vroue Vereniging. Kaapland funksioneer outonoom en is nie by die SAVLU geaffilieer nie.

SAVLU skakel vanaf die beginjare direk met die Wêreldbond van Plattelandse Vroue (WBPV / ACWW)

Die SAVLU se bestuur word gevorm deur die Presidentes van die onderskeie provinsies.

Vanaf 1961 word daar elke 3 jaar 'n kongres met venues oor die hele land gehou waartydens 'n SAVLU President verkies word.

Fondse: Stigting £4.4 (vier ghiennies). 'n Jaarlikse bydrae van Departement Landbou-Tegniese Dienste van R400 maak verder funksionering moontlik. 'n Voorsorgfonds waartoe elke provinsie bydra is vroeg reeds begin. In 1977 vra die TVLU-president, Katie Lotz, dat Transvaal hulle bydrae ook sal moet lewer om die SAVLU se finansiele posisie weer op 'n gesonde voet te plaas. Elke tak word dus vriendelik versoek om vrywilliglik donasies te skenk.

Bylae tot BEELD 8 November 2006: SAVLU 75 jaar



**Mev. Anna Boshoff, 'n vorige president van die VLUSA ontvang die eerste eksemplaar van *Bouquet*, die VLU-tydskrif wat voortaan kwartaalliks gaan verskyn, van me. Roenell Rheeders, bemarkingsbestuurder van Home Grown Media, wat ook die tydskrif *Threads & Crafts* uitgee. Foto: CARLA VAN DER SPUY**

## VLU kry sy eie tydskrif

Die Vroue-Landbou-unie (VLU) probeer al sedert 1940 om sy eie tydskrif daar te stel.

Sô het me. Anna Boshoff, 'n vorige president van die SAVLU by die amptelike bekendstelling van die unie se tydskrif, *Bouquet*, gesê.

Elke lid wat die dinee ter viering van die VLU se 75ste bestaansjaar bygewoon het, het 'n eksemplaar ontvang.

Boshoff het hulde aan vorige lede van dié organisasie gebring en vertel dat as dit nie vir die VLU was nie, sou daar nie mobiele biblioteke gewees het nie. Dit is ook danksy die VLU dat tuisnywerhede en korporasies geregistreer is.

Sy het na hul ryke verlede verwys en het vertel hoe vroue in die beginjare met perdekarre in slote vasgesit het as hulle op pad na vergaderings toe was.

"Hulle het op treine geklim en het met hul gebottel en gebak in teekiste opgedaag."

Ledegeld was destyds 5 sjielings per jaar en vandag beloop dit slegs R4,40 per jaar.

"Die SAVLU moet sy plek in die nasionale arena inneem en hom oor sake van nasionale belang uitspreek en weer 'n spreekbuis vir vroue word," het sy gesê.

Me. Anphia Grobler het gedurende haar presidentsrede 'n vergelyking getref tussen die VLU en biskop Desmond Tutu, wat in dieselfde jaar (1931) gebore is as wat die VLU gestig is.

Tutu was 'n brugbouer met 'n humorsin, warm menslike persoonlikheid, 'n menswaardige dienskneg en 'n seuntjie uit die stofstrate van die townships.

"Ons dateer ook uit 1931."

Grobler het ook gesê die publiek moet daarvan bewus gemaak word dat 'n mens nie sonder landbou kan voortbestaan nie.

**SAVLU-roos**



Tydens die spoggeleentheid van SAVLU 80 jaarviering het Ludwig Tashner die roos wat hy gekweek en na die SAVLU vernoem het, amptelik daar bekend gestel en aan die VLU oorhandig.

'*Named for the celebration of the South African Vroue Landbou Unie. The sturdy hybrid tea bush is producing long lasting cut flower quality stems and blooms.*

*The colour is a vibrant red, brought alive with silver flowing over the red on the reverse of the petals. With its vigorous, uniform growth and willingness to re-sprout it is also an excellent bedding variety growing between hip and shoulder height.*'



Bylae tot BEELD, 8 November

## Unie het talle doelwitte

Die opvoeding van vroue, die bevordering van entrepreneurskap en 'n aandrang op behoorlike onderwysstandaarde is onder die talle doelwitte van die Suid-Afrikaanse Vroue-Landbou-unie.

Opvoedingsgeleenthede is vir die unie belangrik sodat dit vroue in staat sal stel om doeltreffend aan die landelike en algemene gemeenskapslewe en die ontwikkeling daarvan deel te neem.

Die VLU stel hom ten doel om samestellende vroue-organisasies te koördineer en om as skakel op te tree tussen hulle en die regering, asook ander organisasies in Suid-Afrika en die buiteland.

Ander doelwitte is:

- Om vroue onder meer op te lei en te onderrig in vertakkinge van landbou, naaldwerk, tuisteskepping, welwillendheid, openbare sake, opvoeding, gesondheid, kultuur en kuns- en handvlyt;
- Om samewerking tussen vroue-organisasies aan te moedig;
- Om waar nodig ten opsigte van wetgewing op te tree wat die vrou, die kind en die gesin raak;
- Om geld in te samel en skenkings en lenings van staats-, provinsiale en munisipale instansies sowel as maatskappye te verkry; en
- Om vaste eiendom te bekom wat in die VLU se naam geregistreer is.

Die VLU is nie aan enige partypolitieke of kerkgroep verbind nie.

'n Driejaarlikse kongres word gehou en 'n presidente kan hoogstens twee keer agtereenvolgens verkies word.

Ten einde te kwalifiseer vir vrystelling van inkomstebelasting keer die unie geen wins aan enigiemand uit nie en word geld uitsluitlik vir belegging of die VLU se oogmerke gebruik.

Gelyke regte word aan Engels en Afrikaans verleen, hoewel al die amptelike tale in Suid-Afrika erken word.


Bouquet vanaf 2011 net aanlyn beskikbaar.

### SAVLU VIER 80 JAAR by Voortrekker Monument se Amfisaal op 9 Augustus 2011

Nagenoeg 45 tafels is baie mooi gedek met luukse tafeldoeke, servette, silwer kandelare, met liggies en al.

Die opening word waargeneem deur FWI President, Wilana Claassen. Op sprankelende manier verwelkom SAVLU president, Henriëtta Schoeman, die eregaste en almal teenwoordig. Elke gas ontvang 'n SAVLU-resepteboek. Kunstenaars vir die dag, Kevin Leo en Jakkie Louw, vermaak met pragtige sang en komiese stukke tussen-in *(foto bo).*

Heleen Meyer het die resepteboek saamgestel in samewerking met Hendri Warricke.




Meer as 'n duisend resepte is van lede ontvang en dit was 'n reuse proses om daaruit te kies, asook om te besluit van watter geregte foto's geneem moes word.

Anna Boshoff, voorheen SAVLU- en Suider-Afrika areapresident, neem ons terug in die verlede en skets die SAVLU vanaf stigting 1931 tot en met 2011. Vir elke tydperk waarvan sy vertel, trek sy aan soos van toepassing.

# WBPV en SAVLU

**DIE WêRELDBOND VAN PLATTELANDSE VROUE (WBPV / ASSOCIATED COUNTRY WOMEN OF THE WORLD (ACWW)**

Oral in die wêreld het die behoefte bestaan vir verenigings wat vroue se omstandighede kon verbeter en kennis kon uitbrei, veral in die platteland. Die vroegste aantekening van so 'n vereniging, is dié in 1797 in Finland. In die vroeë 1900 word plattelandse vroue-organisasies oral in Europa en later in ander lande gestig.

In April 1929 word 'n konferensie van die International Council of Women in London gehou waarheen plattelandse organisasies vir vroue wêreldwyd genooi is. Mev O'Connor woon dit ook by.

In Junie 1933 onder die vaandel van "The Northern Housewives" word ·'n konferensie gehou en die ACWW in Stokholm, Swede, gestig. SAVLU het toe lid geword. Daar kom die "Million Member Penny Fund" en "Coins for Friendship" tot stand, waarvoor elke lid oor die wêreld een pennie bygedra het vir administratiewe aanwending. (Vandag natuurlik nie meer 'n pennie nie!). Dit het in 1937 6 pennies geword en 1/- “Pennie Fund” begin in 1939. By ons het dit Vriendskapsmunte geheet.

Tydens oorlogsjare is lidmaatskap gestaak (1940 - 1949).

Die organisasie se hoofkantoor is in Londen en hulle beywer hulle vir intemasionale welwillendheid, die daadwerklike opheffing van die vrou en haar lewensomstandighede, veral in derde wêreldse lande. Projekte word aangepak vir selfversorging, gesondheid en onderwys. Hierdie projekte word gefinansier uit alle lede oor die wêreld (ook ons in Suid Afrika).

Driejaarlikse konferensies vind dwarsoor die wêreld plaas. Verskeie SAVLU presidentes het al in bestuurshoedanighede gedien - tans Magdie de Kock as wêreldpresident, (VLU Mpu-malanga en Die Dameskring); Vanda Gagiano (Vrystaat) Wêreldkonferensiesekretaresse en Marina Muller (Namibië), Area president vir Suider Afrika.

Die SAVLU is geaffilieer met die WBPV (behalwe Kaaplandse VLV wat direk geaffilieerd is). Die SAVLU word op die WBPV-bestuur verteenwoordig deur die president van SAVLU. Sedert 2024 is Overvaal provinsie se lidmaatskap opgegee maar SAVLU is steeds lid en verteenwoordig dus ook Overvaal daar.



The world President, Lyndsay Hacket-Pain, with some of the “blue ladies” (hostesses) at the ACWW Triennial Conferenceheld in Pretoria 1998

TVLU en die Federation of Women’s Institutes (FWI) of Kwazulu-Natal bied die 22ste drie-jaarlikse Konferensie in 1998 in Pretoria aan. Mev Anna Boshoff was die ko-ordineerder namens die gasvrou-organisasies. Die beplanning het oor drie jaar gestrek.

‘n Reuse uitstalling van 500 pryswennende artikels is gedurende hierdie konferensie uitgestal wat besoekers stom gelaat het oor die gehalte van borduurwerk in Suid-Afrika. As uitvloeisel hieruit, is 50 van hierdie stukke by Kilkenny Castle in Ierland en drie ander plekke in die Verenigde Koninkryk vertoon.



SAVLU Diamantjubileum-kongres (1991). Mev Sybil le Roux (Presidente) sny die verjaarsdagkoeke - een vir elke dekade

Mev Anna Boshoff het die eerste nuusbrief vir die WBPV Suider Afrika die lig laat sien, genaamd “Sounds of the South”.

Vorige Suid-Afrikaners wat reeds as area-presiden-tes gedien het, is Mevv. Thelma Klipp (FWI Natal, Louise Smith (Noordwes) en Anna Boshoff.

**AREAKONFERENSIE - 2017**

Overvaal tree op as gasvroue vir die Suidelike Afrika Streek Konferensie van ACWW op 19-21 Oktober 2017. Ruth Shanks, die ACWW Wêreld President, woon dit by asook Irene Chille van East Africa Region. Mable Moyo is die president van Suidelike Africa. Pragtige sakke wat deur die lede gemaak is, is deur die wêreld versprei. Lulu Pieterse se rangskikkings is meesterstukke.



*Links:* *Vrolikheid: Ruth Shanks probeer ook die armbreiwerk.*

*Onder:* *Mable Moyo aan die woord.*

*Heel onder:* *Irene Chille of East Africa Region*





‘n Komberseprojek is deur die SAVLU president in 2021 van stapel gestuur. Takke het ywerig deelge-neem en dit het selfs die koerant gehaal!

# TOEKENNINGS








## SAVLU Erepenning

Eerste toekenning is in 1976 gedoen en net enkele mense het dit ontvang:

- Hetsie van Wyk, Vrystaat
- Ronella Rademeyer, Vrystaat
- Doreen Craddock, TVLU 1998
- Moreen Snyman, TVLU 2001
- Corné Gaspar TVLU 2006
- Mientjie Olivier, Vrystaat
- Hettie van Huysteen, Noordwes 2015




*Foto's is Hettie se geraamde borduurstuk met die erepenning.*

TVLU & Overvaal ontvang **SANCU-trofees** in 1991 tot 1994, 2009, 2011 en 2012.



***Annatjie van der Merwe en Moreen Snyman met die Verbruikerstrofee.***



SA NATIONAL CONSUMER UNION
SA NASIONALE VERBRUIKERSUNIE
FOUNDED • 1961 • GESTIG

S.A.N.C.U. AWARD — S.A.N.V.U. TOEKENNING

Category — SA Koördinerende Verbruikersraad Trofee — Kategorie

Awarded to • Toegeken aan

Transvaalse Vroue Landbou-Unie

for an outstanding contribution towards consumerism
vir 'n uitstaande bydrae tot die verbruikerswese

Lilibeth Woolman — CHAIRMAN/VOORSITTER

A F Geldenhuys — Vise CHAIRMAN/VOORSITTER

1994
DATE/DATUM

EDUCATION • INFORMATION • PROTECTION — OPVOEDING • INLIGTING • BESKERMING
THE THREE CORNERSTONES OF CONSUMERISM — DIE DRIE HOEKSTENE VAN VERBRUIKERSWESE

The TWAU is the winner of the **Women for Traffic Safety Award** in 1993 - the only one of its kind in the country. It is presented to a woman or women's organization which has promoted traffic safety most effectively in South Africa. A video and other material on traffic safety were used to educate 48 nursery schools, 117 high schools and many others, also assisting many to obtain the K53 learner's and driving licenses. The video was also shown to farm labourers with the aid of an interpreter. Exhibitions, competitions and radio broadcasts were done all over Transvaal.



*Mrs Anna Boshoff (TWAU President) receives the award from the guest speaker at the award ceremony, Dr Zuma (Medical Research Council, Natal).*




*Links: Magdie de Kock het as skakelbeampte namens die TVLU vir die projek ingeskryf en dit bestuur. Die trofee is tydens die TVLU-jaarkongres by die Sinodale sentrum aan haar oorhandig en is steeds in haar besit.*

*Tutti Rudman ontvang in 2024, 'n oorkonde van Cindy Coetzee, SAVLU president, vir 21 jaar diens as beoordelaareksaminateur.*



## LIED




### DIE LAND VAN "GOEI' HOOP"

*Ek sing van 'n land deur die sonlig oorstroom,*
*En die lugte so skoon soos die liefde se droom,*
*Waar die blom en die vrug van die trope gedy,*
*Wyl die roos en viooltjie d'oog ook verbly.*
*Hier's die man ook nog vry en die vrou opgewek,*
*Soos die sterre by nag wat die heem'le bedek.*

*REFREIN*

*En die naam van Goei' Hoop is Goed,*
*van goei' hoop, maat vir jou en vir my;*
*Met die blou lugte bo en soetliefie haar oë,*
*Sal't 'n land van goei' hoop wel bly.*

*Dis 'n land van die vlaktes so groot as die see,*
*Aan die dappere kroos van die vryheid gegee,*
*Dis die land van die grimmige donkere woud,*
*Maar met heldere plekke vol sonnelig goud,*
*Dis 'n land van die stormwolk se krag en geweld,*
*Maar ons bid om – Sy seën vir lande en veld*

*REFREIN*

*Ja, die naam van Goei' Hoop is Goed*
*van goei' hoop, maat vir jou en vir my;*
*Met die blou lugte bo en soetliefie haar oë,*
*Sal't 'n land van goei' hoop wel bly.*

### THE LAND OF "GOOD HOPE"

*I sing of a land where the sun ever beams,*
*And the skies are as bright as a lover's young dream,*
*Where the flow'rs and the fruits of the tropics will grow,*
*Whilst the rose and the violet whisper below,*
*Where our manhood is free and our woman is bright,*
*As the stars that peep out of the heavens at night.*

*CHORUS*

*It is well called a Land of "Good Hope",*
*Of good hope, men, for you and for me;*
*With such bright skies above, and such bright eyes to love,*
*Why, a land of good hope it must be.*

*'Tis a land that has plains that are vast as a sea,*
*And for strong hearts that fear not as pathless and free,*
*'Tis a land where the forest is grim in its shade,*
*But has bright spots of beauty in many a glade,*
*'Tis a land where the storm cloud is wild in its pow'r,*
*Yet is prayed for and lov'd for the blessings 'twill show'r.*

*CHORUS*

*It is well called a Land of "Good Hope",*
*Of good hope, men, for you and for me;*
*With such bright skies above, and such bright eyes to love,*
*Why, a land of good hope it must be.*


In 1880 is die lied "Land of Good Hope", deur James Hyde gekomponeer, in 1931 deur Jan F E Celliers vertaal en as die amptelike TVLU-lied gekies.

'n Uittreksel uit die 1937 kongrestoespraak van Mev O'Connor lui: "It is well to remind ourselves, now and then, of the ideal that lies at the root of our Union – the ideal of service before self. It is often easier to give money than to give time, knowledge, vital energy, personal service."

In 1993 is streng kapsie teen die voorgestelde naam- en embleemverandering gemaak maar 'n meer singbare lied is wel aanvaar. Dit het egter nooit gerealiseer nie.

---

## GEBED


KEEP us O Lord from pettiness; let us be large in thought, in word and deed
Let us be done with fault finding and leave off self seeking
May we put away all pretence and meet each other face to face, without self pity and without prejudice
May we never be hasty in judgment and always generous
Teach us to put into action our better impulses straight forward and unafraid
Let us take time for all things: make us grow calm, serene, gentle
Grant that we may realize that it is the little things that create differences; that in the big things of life we are one
And may we strive to touch and know the great human heart common to us all, and O Lord God let us not forget to be kind.

<u>Bewaar ons, O Here, van kleinlikheid,</u>
laat ons groot wees in gedagte, woord en daad...
Laat ons foutvindery vermy en waak teen alle selfverheerliking...
Mag ons alle skyn vermy en mekaar eerlik in die oë kyk
sonder selfbejammering en vooroordeel...
Mag ons traag wees om te oordeel en altyd grootmoedig...
Leer ons om ons beter neiginge
eerlik en vreesloos in beoefening te bring...
Help ons om nie gejaagd te wees nie,
om toe te neem in rustigheid,
waardigheid en sagsinnigheid...
Gee dat ons mag besef dat dit die klein dingetjies is wat verdeel,
dat ons in die groot dinge van die lewe een is...
Mag ons strewe om die groot algemeen menslike hart te raak
en te ken.
En O Here ons God, laat ons nooit nalaat om minsaam
te wees nie.

Mary Stewart van Georgetown, Colorado, het hierdie gebed in 1904 geskryf wat sy later as tweeweeklikse gebed aan die Longmont Vrouevereniging in Kalifornië voorgelees het. Met WBPV / ACWW konferensie in 1937 lees sy dit met die opening voor en dit vind dwarsoor die wêreld byval.
Dit word steeds oral by byeenkomste regoor die wêreld gebruik. Dr. F. C. O'Brien Geldenhuys het dit in Afrikaans vertaal.

# EMBLEME




Die eerste kongres het opdrag gegee om ’n embleem te ontwerp en dit is reeds in 1927 in gebruik gestel. Die TAU staan vir Transvaal Agriculture Union. In 1964 is die konstitusie hersien en die benaming van die organisasie amptelik verander van “Vroue-afdeling van die Landbou Unie” na **Transvaalse Vroue Landbou Unie**. Die skild op die wapen is die amptelike wapen van die Republiek van Suid-Afrika en simboliseer staatsbeskerming wat die vereniging geniet het. Spesiale toestemming moes daarvoor verkry gewees het want die Staatswapen of dele daarvan mag alleen deur die Staat gebruik word. Dit kan egter nie heraldies geregistreer word nie. Die blou en goud simboliseer die blou lug en sonskyn van ons land. Hierdie embleem mag slegs deur die Unie self gebruik word omdat die landswapen daarop verskyn.

Hierna is verskeie kentekens gemaak, o.a. ook die hoofbestuurs-kentekens, lidmaatskapknopies en verskeie eetgerei en ander snuisterye.

---

**Overvaal embleem** in 1999 deur Annatjie Odendaal ontwerp en geverf en voltooi deur Corné Gaspar




Simboliek:

**Vrou** : Voete plat op die aarde - simboliseer nederigheid.
**Pot** : Sy beskik oor kennis en deel dit graag met ander.
**Saai** : Simboliseer vooruitgang - Ons leuse: “Vroue vir Vooruitgang”.
**Hare** : Die hare wat waai simboliseer ons behoefte om uit te reik na ons lede, ons mede-landsburgers, gemeenskappe. Verder ook die wye veld wat deur ons studierigtings gedek word.
**Blom** : Provinsie se nasionale blom maar dit simboliseer ook Eenvoud en Skoonheid.
**Diamante:** Simboliseer dat ons ‘n organisasie met baie fasette is. Gehard - niks kry ons onder nie. Overvaal se lede het ’n mooi glans weens die feit dat hulle deur die jare deur die VLU geslyp is om simbolies soos ‘n diamant te wees: nl. baie fasette, gehard, kosbaar, suiwerheid en glans.

Kleure:

**Rooi** : Straal warmte uit
**Groen**: Simboliseer lewe asook rustigheid
**Blou** : Simboliseer kalmte, ruimte vir nog baie lede. Groot heelal.
**Goud** : Die goue rand om die embleem simboliseer die band wat ons saambind. Dat ons ’n eenheid is. Dit is ook simbolies van die rykdom uit die provinsie - vooruitstrewenheid.

---




**VROUE VIR VOORUITGANG**

**Vrou – Veerkragtigheid en Diversiteit Vasberadenheid en Deursettingsvermoë**

Die vrou wat elegant bo die wêreld uitstyg verteenwoordig moed, passie en vasberadenheid. Die kleur kersiepienk is ‘n simbool van innerlike krag, groei en die vermoë om uitdagings met selfvertroue te oorwin. Sy beeld die veerkragtigheid van vroue uit – hoe hulle aanpas, ontwikkel en steeds floreer, ongeag omstandighede.

Protea – Omgee en Hoop | Wysheid en Groei

**Die kersiepienk protea** staan vir uniekheid, diversiteit en oorlewing. Soos hierdie blom onder moeilike omstandighede groei, so staan vroue sterk in uitdagende tye. Dit simboliseer liefde, omgee en hoop vir die toekoms.

- ‘n Simbool van aanpasbaarheid en evolusie – Dit groei in verskeie vorms en kleure, wat veelsydigheid uitbeeld.
- Leierskap en selfvertroue – Dit herinner mense om hul eie pad te volg.
- Vernuwing en hergeboorte – Proteas floreer ná veldbrande, wat ‘n simbool van transformasie is.

Sterkte in verskeidenheid – Dit bestaan uit verskeie lae, net soos diverse gemeenskappe.

**Turkoois Kontinente** – Vrede en Harmonie | Balans en Insig

Die turkoois kontinente op die wêreld verteenwoordig die verbintenis tussen mense regoor die wêreld en die strewe na vrede en harmonie. Die kleur turkoois simboliseer kalmte, balans en insig, wat vroue se rol in die bou van ‘n vreedsame en samewerkende samelewing beklemtoon. Dit wys hoe vroue se invloed nie net beperk is tot hul onmiddellike gemeenskap nie, maar oor landsgrense heen strek.

**Koringaar – Lewenskrag en Volhoubaarheid | Erfenis en Rykdom**

Die goue koringaar beeld voorspoed, vrugbaarheid en volhoubaarheid uit. Dit simboliseer die lewenskrag en voortbestaan van vroue as die versorgers van hul gesinne en gemeenskappe.

Soos koring ‘n basiese lewensbron is, so dra vroue by tot die groei en vooruitgang van die samelewing.

Die goue kleur verteenwoordig nie net oorvloed en stabiliteit nie, maar ook Suid-Afrika se minerale rykdom en geskiedenis. Dit dui op ‘n sterk verbintenis tot ons erfenis en volhoubare ontwikkeling.

**Vroue-hande – Diensbaarheid en Toewyding | Samewerking en Ondersteuning | Krag en Eer**


Die goue vrouehande wat die wêreld vashou, is ‘n kragtige simbool van samewerking, ondersteuning en omgee. Dit dui op vroue se diensbaarheid en toewyding aan hul gesinne, gemeenskappe en die wêreld as geheel.

Die goue kleur verteenwoordig waardigheid, eer en die skatryk erfenis van ons land. Die hande self is ‘n pilaar van krag en ondersteuning, wat wys hoe vroue mekaar dra en saam ‘n beter toekoms bou.

**Blou Water - Water en die blou kleur verteenwoordig groei en diens**.

Water is ‘n simbool van lewenskrag en volhoubaarheid wat die groei van mense, plante en gemeenskappe moontlik maak. Blou dui op vrede en harmonie waarna elke vrou streef.

# PUBLIKASIES







***Die eerste nuusblad verskyn in Januarie 1942 en sy edele Adv SP le Roux, Minister van Landbou en Bosbou sê:***


DIE behoefte aan 'n departementele blad wat hom uitsluitlik aan die belange van die Suid-Afrikaanse vrou en haar huis kan wy, is vir 'n geruime tyd reeds gevoel. Die ruimte wat daar vir vrouebelange in ,,Boerdery in Suid-Afrika'' afgestaan kon word, het algaande meer ontoereikend geblyk in die lig vandie groeiende belangstelling en ywer, aan die kant van die Suid-Afrikaanse huisvrou, ten opsigte van huishoudkundige aangeleenthede.




**Die publikasie Die Vrou en Haar Huis verskyn vanaf Januarie 1942 maandeliks in Afrikaans tot Volume 12, Volume 13 in Engels, 14- 18 in Afrikaans en vanaf 19-42 (Julie 1952) in Engels.**

**In Desember 1958 verskyn 'n outonome TVLU-publikasie, nl. "Bloeisels" tot Maart 1960, 13 uitgawes.**


**Die eerste TVLU Nuus verskyn in Mei 1962 en ondergaan telkens 'n voorkomsverandering. Aanvanklik was dit 'n maandelikse uitgawe, later 'n tweemaandelikse uitgawe (Oktober/November 1991).**










Die eerste **Overvaal Nuus** verskyn in Maart 1997 *(bo)* en sedert November 2021 verskyn dit drie keer per jaar, slegs in elektroniese formaat.




VLU OVERVAAL
NUUSBRIEF / NEWSLETTER
JAARGANG 31 • VOLUME 2 • APRIL- JUNE 2025 • YEAR 31

**DOELSTELLINGS VAN DIE VLU**

Geen organisasie kan funksioneer sonder duidelike riglyne nie. Die formulering van die doelstelling is vanaf die begin, die volgende: ***Die organisasie voorsien in die verruiming van die opvoeding van die volwasse vrou en gee onderrig en opleiding in alle vertakkinge van die landbou, tuisteskepping, naaldwerk, kuns, kunsvlyt, kultuur, opvoeding, openbare sake, gesondheid en welwillendheid sodat die lede 'n bydrae kan lewer tot en 'n daadwerklike aandeel kan hê in die ontwikkeling van ons land.***

Die grondwet is sedertdien van tyd tot tyd hersien. Die tweede hersiening is in Hattie Martins se termyn in 1972, daarna weer in 1989 en in 2024. Tussenin is kleiner aanpassings gedoen.

In 1983 sê Katie Lotz, President:

“Our organisation has indeed come a long way since its incipience until reaching its present standing as a salient, dignified organization which has become an integral part of the development and the community of our wonderful country.

This monumental structure is not the achievement of any one person but is due to the co-operative loyal service and support of each individual member - a group of women united in thoughts of goodwill and love.

But, . . do I know my organisation? How is the WAU constituted? Am I merely one of eight million members? (This is the total world membership figures)’.

Hierdie woorde is steeds relevant!

Sedert ontbondeling is die **STUDIERIGTINGS** verander na:


Internasionaal, Vandag se Vrou, Kuns en Geskiedenis, Kreatiewe en Produktiewe vaadighede, Omgewingsbewustheid en Gemeenskapsbewustheid.


Aangesien die aard van die VLU lank reeds nie alleenlik uit landbousake en -behoeftes bestaan nie en die stedelike vrou ook betrokke begin raak het om kundighede te bekom, bestaan daar oral in Gauteng en die ander provinsies, takke wat nie landbougeoriënteerd is nie.

Met min vroue wat deesdae nie in die arbeidsmark betrokke is nie, verminder ons ledetal. Maar dat daar steeds 'n behoefte is na opleiding en die feit dat die VLU ook 'n spreekbuis in die openbaar is, is 'n feit.

Lidmaatskap was vir jare lank oop vir alle vroue bo sestien jaar. Op die Overvaal Kongres 2024 is die ouderdom verlaag na veertien jaar.

## GRONDWET



Constitutions and Rules
OF THE
WOMENS' SECTION
of the Transvaal
Agricultural Union
WITH
Constitution and Rules of
BRANCH CENTRE
AND
WOMEN'S BRANCH.



TRANSVAALSE VROUE-
LANDBOU-UNIE
GRONDWET
Hersiene uitgawe
1989


Die Grondwet is in 2024 hersien en goedgekeur en is tans net elektronies beskikbaar wat dit makliker sal maak om in die toekoms wysigings aan te bring.

**LIDMAATSKAP-KAARTE...**

Voordat daar finaal in 1991 oorgegaan is na elektroniese ledelyste, was die “geelkaarte” die lid se bewys van lidmaatskap en het jaarliks blou seëls gekry om op die binnekant te plak. Geel ledekaarte is vanaf 1985 uitgefasseer (Kongres 1984 besluit).





Transvaalse Vroue-landbou-unie
Transvaal Women's Agricultural Union
CERTIFICATE OF MEMBERSHIP
LIDMAATSKAPKAART
Streek / Circle ... Tak / Branch ...
Naam van Lid / Member's Name ...
Posadres / Postal Address ...
Datum van Aansluiting / Date of Enrolment ...
Vir Taksgebruik / For Branch Use
Taksek. / Branch Sec. ...
Datum/Date
Takvoors. / Branch Chairman ...


Hierdie lidmaatskapkaart is gebruik wannneer ‘n persoon na ‘n ander tak oorgeplaas is.

# TVLU PROJEKTE

Vele projekte is oor die jare aangepak, sommiges in samewerking met **borgskappe** veral op die gebied van gebak soos Sasko Sally, Anchorgis, NCD, Clover, Snowflake, Nestlé, Wonderbake, Premier Milling, Kenwood, Miami en vele ander. Hierdie **kompetisies** was dikwels nie alleen om vir die individu die geleentheid tot prestasie en groot pryse te gee nie, maar om aan ander se omstandighede 'n verskil te maak soos Women feed the World.

Bernina het vele jare kompetisies geborg met o.a. die **Klee 'n Nasie-projek** en daarmee is ook uitgereik na buite-instansies. In 2000 was Naguile die algehele wenners en Brackenhurst se Soekie Schoeman as die beste projekleier aangewys. Meer as 5213 minderbevoorregte vroue is deur die projek naaldvaardig gemaak.

Husqvarna het ook 2017 'n kompetisie vir 'n kussing geloots.




### TVLU RESEPTEBOEK 1984

'n Resepteboek is saamgestel en dit was so gewild dat vining nog gedruk moes word. Dit was geringbind *(foto).*

'n Hardeband hersiende uitgawe het later gevolg *(2de foto)*. Die samesteller is Marie Richards met Kato Steenkamp en Georgie Louw as mede-samestellers. Sketse deur Pauine Theart en die tikster Sannie Lemmer. Met ontbondeling het Noordwes met die resepteboeke voortgegaan. ISBN 0 620 07477 9




Nog 'n resepteboek onder die vaandel van die SAVLU met die 80 jaar-viering uitgegee. *(Sien SAVLU, bl.8)*

Klein **proteavierkante** met die TVLU-embleem op en ook tafeldoeke is gedruk en takke kon dit aankoop en as uitstalmateriaal gebruik.

Kursusse is oral deur Transvaal aangebied en sertifikate na voltooiing is uitgereik vir:




- Kook & Bak
- Huisskoonmaak
- Blommerangskik
- Noodhulp
- Kinderversorging
- Wasgoed
- Elektriese toestelle



*Onder: Die minister van Gesondheid het by die projekte inspeksie gedoen - 1 November 1994*



**SOMERSKOLE:**

TVLU se somerskole is sedert 1956 gereeld gehou. Die eerste een was in Linden, Johannesburg met die tema "Die Vrou en haar omgewing".

'n Uitsonderlike een was 'n boottoer vanaf Kaapstad na Durban in 1974 en weer in Januarie 1985.

Nog interessante gebeure was 'n bustoeruitstappie na NAMPO.

Opnames van Noot vir Noot in 2013 en SAUK Musiekpret in 2014 is deur 'n paar groepe op uitnodiging bygewoon.



1979 International Year of the Child

In1977 en 1978 is kompetisies vir **Kinderverhale vir Voorskoolse Kinders** geloods. (1000 woorde). Daan Rertief Uitgewers het die publikasie hanteer en Friedel Eloff die illustrasies. 'n Hele aantal boekies het so verskyn maar die drukkoste het veroorsaak dat dit nie vir lank 'n kompetisie was nie.




*Hierdie verhaal was 'n wenner in die Transvaalse Vroue Landbou-Unie se jaarlikse kleuterverhaalwedstryd*

**TVLU** het hulp aan immigrante verleen met aanpassing soos om geskikte huisvesting te bekom, by kerk en gemeenskap in te skakel en Afrikaans te leer.


Met die naturalisasie-geleenthede is hulle ook deur die VLU onthaal.

Verskeie internasionale besoekers is ook onthaal voor hulle met hulle toere deur Suid-Afrika begin het.

In die argiewe is hiedie lêer met geborduurde voorbeelde van elf soorte borduurwerk soos Assisi 1949 - 1974, Italiaanse Deurstikwerk 1950, ensovoorts.




Elkeen het 'n kortlikse beskrywing in Afrikaans, Engels en Frans. Dit is binne dik plastiekblaaie verseël. Die binneblad dui aan dat dit deur lede van die TVLU saamgestel is. Dit is deur twee voorsitters en sekretaresse van Hatfield en Eldoraigne-takke geteken.



# VOLKSTAPISSERIË / WOLRAAD

Die doel van die Volkstapisserieë is die fondamentlegging vir Suid-Afrika se eie Volkstapisserieskat om 'n stukkie kultuurgeskiedenis te help skryf. Die eerste kompetisie was in **1981** waar 61 inskrywings ontvang is en algehele wenner was die "Blommeverkopers op die Kaapse Parade". *(Foto: binnekant van gekleurde voorblad).* Ander uitbeeldings was Simon vd Stel net terug van 'n patrysskiet voor Groot Constatia, Ryk Tulbagh op Groentemarkplein, Wolraad Woltemade, 1820-Setlaars-monument en vele ander wat daarna in prominente geboue landswyd gehang is.

In **1990** het die SA Wolraad in samewerking met SAVLU en die beskermvrou, Elize Botha weer die kompetisie geloods. Finansiering van die projek (±R350) is deur elke groep self gevind en dit het die eiendom van die dorp of stad van herkoms gebly. Dit is muurprente/behangsels en panele wat die Afrikaanse geskiedenis, volksgeskiedenis, volkslewe, nalatenskap, industrieë, handel, landbou, fauna & flora, ensovoorts uitbeeld.

Die Wolraad se beoordelingspaneel het die ontwerpe vooraf goedgekeur en prysgeld was:



1ste R1 500, 2de R1 000, 3de R750 en 4de R500. Die algehele wenner uit hierdie 4 het R2 500 gekry.

Mev Botha het dit met die Royal Skou in Pietermaritzburg tydens Republiekfees in ontvangs geneem. Die prysuitdeling het ook hier geskied - Mei 1991.



Mev. Elize Botha, vrou van die voormalige Staatspresident, mnr. P.W. Botha, het gisteraand die Suid-Afrikaanse Volkstapisserieë-projek 1991 in die Total-galery in Braamfontein, Johannesburg, geopen. 'n Versameling van veertig tapisserieë sal tot 9 Augustus hier uitgestal word.

## Elize Botha open tapisserie-projek

Deur **Joan Altern**

DIE Suid-Afrikaanse Volkstapisserie-projek 1991, is gisteraand deur mev. Elize Botha in die Total-galery in Braamfontein, Johannesburg, geopen.

Dié projek is daarop gemik om 'n eie skat van oorspronklike Suid-Afrikaanse tapisserieë te bekom, soos wat in baie Europese lande te sien is.

'n Versameling van veertig tapisserieë wat deur lede van die Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-Unie (SAVLU) geborduur is, word tot 9 Augustus in die galery uitgestal. Die tapisserieë beeld aspekte van Suid-Afrika en sy mense uit.

Mev. Botha, beskermvrou vir dié projek, het gisteraand in haar openingsrede gesê die verskillende vertakkinge van die kunste in Suid-Afrika behoort groot prioriteit te geniet.

"Tapisserie-werk is die nuutste en opwindendste medium waarin borduurwerk gedoen word. As 'n mens in Suid-Afrika na die tapisserieë kyk, soek 'n mens 'n ontwerp wat jou inspireer – borduurkuns wat van 'n tydlose en blywende aard is.

"Ek is beïndruk deur die gemak waarmee die kunstenaars en borduurders hul in die werke wat vanaand hier te sien is, uitgedruk het. Suid-Afrika se tapisserieë vergelyk met die beste wat ek al oor die wêreld heen gesien het."

Mev. Nonna Gaum van die Pierneef-tak van die SAVLU in Pretoria, is as algehele wenner aangewys. Mev. Gaum het die Nasionale Botaniese Tuin as tema vir haar tapisserie gekies.

Mev. Nonna Gaum van die Pierneef-tak van die Suid-Afrikaanse Vroue-Landbou-Unie in Pretoria se tapisserie het die algehele wenplek verower. Mev. Gaum het die nasionale botaniese tuine as tema vir haar tapisserie gekies.



A Jacobean-style picture depicting the Tree of Life, adapted to represent fauna and flora found mostly in South Africa.

Dit was die Wolraadkompetisie in 1991 en die wenners was Susie du Plessis 1ste (Pretoria-Noord), Anne Danks 2de (Pretoria) *(foto links)* en Edith McKay 3de (Pretoria).

In Wolraadkompetisie (**1987)** vir SAVLU lede alleen was die algehele wenner Tertia vd Schyff, Lynn-Willowtak, Pretoria.

Ander prestasies van lede uit die huidige Overvaalgebied was:

Kelimloper:

- 4e Jeanette Botha, Sonskyntak, Alberton
- 5e Barbara Swanepoel, Strubenkop, Pretoria

Muurbehangsel: Kruissteek met variasies:

- 1e plek (gedeel met 'n ander) Auzie du Plessis, Pretoria Noord
- 2e Edith McKay, Strubenkop, Pretoria
- 3e Marie v Niekerk, Springstak

Knoopwerk:


- 1e Hettie Storm, Monumentpark, Pretoria
- 2e Nonna Gaum, Pierneeftak

**1988/89 Prestasies:** (uit die deel nou Overvaalprovinsie):


Tafelloper – Kelim en 2e in Florentynse werk

Muurbehangsel in Kelim:

**1995 Volkstapisserie** deur lede uit die Overvaal



*Aanhaling uit Hangkliptak, Noordprovinsie se brief gedateer 22/2/1993 met die foto onder. Links: A Smit (voorsitter), lede betrokke in die maak van die tapisserie en Kato Steenkamp, (streekvoorsitter) regs.*



Volkstapisserie

In opdrag van Mev Rita Enslin stuur ek aan u die gegewens asook n foto van die tapisserie wat deur van ons lede geborduur is.

Die borduursters het n totaal van 650 ure gewerk.

Daar is 152000 steke gewerk.



# KOMPETISIES / BEOORDELING / SKOUE

**HANDLEIDINGS**



VROUE-AFDELING
van die
TRANSVAALSE LANDOU UNIE

Handwerk en Huis
Nywerheid
Handboek

PRYS 6d.

Oorgedruk uit „Die Primêre Produsent."

Reeds voor die stigting van die TVLU het die Departement Landbou voorligtingsdienste op die platteland verskaf deur landbou- en huishoudkundiges.

Mev O'Connor het in 1931 'n tweetalige handboek saamgestel wat die konstitusie, wenke vir demonstrasies, kompetisies en lesings bevat.

SAVLU het dit in 1937 herdruk. 'n Handleiding vir beoordeling op skoue is in 1936 deur die huishoudkundiges opgestel.

In 1936 het die Huishoudkundige Afdeling van die Departement Landbou 'n Handleiding vir Beoordelars op skoue opgestel. Die jare daarna is Transvaal deurkruis om takke te besoek en te demonstreer. Hulle was soms daelank op reis per trein of perdekar en selfs per ossewa. Vanuit die Landbou Demonstrasie Trein (1925 – 1932), in volksmond "Kemp se Sirkus", het kennisoordrag geskied. Die eetsaal is in lokaal omskep met kombuis en demonstrasietafel. Onderwerpe was o.a. kosmaak, voedingsleer, tekstiele, klere- en hoedemaak.

Die Huishoudkundiges van die Direktoraat Kultuursake, Departement van Onderwys en Kultuur het voortgegaan met die samestelling van vele handleidings vir verskeie borduursoorte, naaldwerk en verbandhoudende onderwerpe wat by die Staatsdrukker beskikbaar was. Hierdie handleidings en inligtingsdokumente vorm steeds 'n belangrike inligtingsbron vir diegene wat kopieë het.

Die Handleidings vir Tentoonstellers en Beoordelaars word tans deur SAVLU beharting en op bestelling laat druk soos benodig. Die Staatsdrukker doen dit nie meer nie.



**Bettie van Wyk** en haar man tree as beoordelaars by bykans elke Landbouskou in die Vrystaat op - sy in die Huisvlytafdeling en hy in die Perdeafdeling.

In diens van die Departement van Landbou in 1983, werk sy mee om die boek, "**Kos en Kookkuns**" op te stel. Die publikasie wat saam met **"Voedselpreservering"** deur Departement van Nasionale Opvoeding, Seksie Huishoudkunde uitgegee is, vorm 'n basiese handleiding vir menige vrou. Inhoudelik is dit soortgelyk aan "Kook en Geniet" met basiese inligting vir enige beginnerkok en Bettie het ook die voorwoord van die eerste Kook en Geniet geskryf.

Sy was later lid van Sintanatak.

**SKOUE**

Die eerste deelname aan die Pretoria skou was in 1928 en die volgende jaar ook aan die Witwatersrandse Paasskou. 'n Aanhaling uit die Kongresverslag van 1928 lui:

*"Meimaand het ons vereniging sig blootgelê aan publieke kritiek deur die eerste uitstalling van die Vroue-Afdeling TVLU op die Pretoria-tentoonstelling te plaas. In alqemeen was kritiek vriendelik en opbouend. Dit is goedgekeur dat ons op dle "Agterveld" uit ons skuilhoeke gekom en gewys het wat ons kan doen en terwyl ons geprys is vir die goeie werk, is ons terselfdertyd ook op ons foute gewys. Ons het veel geleer deur ons eerste poging, vernaamlik het ons die waarde van samewerking geleer. As 15 takke so goed kon doen, wat sal 50 nie doen nie?"*

Tussen 1939 en 1946 is geen skoue a.g.v. die oorlog gehou nie en deelname aan die Randse skou is in 1954 gestaak om deelname aan plaaslike skoue te bevorder.

In Augustus 2015 is daar deur Tshwane Munisipaliteit 'n poging aangewend om 'n skou te laat herleef maar dit was nie suksesvol nie. Jakaranda het hulle bydrae gelewer… selfs ons eggenote - Georgie & Trevor Louw





**Kompetisie/beoordeling besluite sedertdien:**

2016 - Lede mag 'n artikel na konferensie verbeter maar nie 'n nuwe een maak vir verdere vlakke van kompetisie nie.

- Eksamens sal voorsiening maak vir fotografie, skryfkuns en skilder - afdelings wat nie vroeër deel van kompetisies was en beoordeel moes word nie.

**Opleidingsgeleenthede:**

Daar word jaarliks opleidingskursusse deur gekwalifiseerde beoordelaars aangebied wat voornemende beoordelaars en ander belangstellendes kan bywoon.

Om 'n beoordelaar te word, moet opleidingskursusse bygewoon en 'n teoretiese eksamen met 60% geslaag word. Die kandidaat het daarna drie jaar tyd om die nodige praktiese items voor te berei en by beoordelingsgeleenthede in te sit voordat 'n praktiese eksamen geskryf en 'n slaagsyfer van 65% behaal moet word.

Twee volledig gekwalifiseerde beoordelaars (ervare in al vyf afdelings) uit elke provinsie dien op die beoordelaarspaneel en word deur haar provinsie daarvoor genomineer.

## WELWILLENDHEID NA BUITE

Die VLU is nie 'n Welsynsorganisasie nie maar staan nooit onverskillig teenoor die mense om ons nie - ons is omgee-mense. Daarom is die huidige tema net 'n weerspiëling van die VLU: **Wees die verskil** - Nog altyd!!!

**Overvaal Welwillendheidtoekennings**: vrywillige bydraes word jaarliks op rotasiebasis aan 'n instansie van die verskillende streke se keuse geskenk.

**Ander projekte** wat al ondersteun is:

- Beeld Kindersfonds deur 'n modeparade te Alberton Burgersentrum.
- Bring 'n Boek.
- Teddiebere vir getraumatiseerde kinders.
- "I Can Can"-projek waar klein gehekelde/gebreide diertjies in 'n blikkie aan kinders wat in die hof moet verskyn, gegee word.
- 10,000 Wikkelwurms is in Covid-tyd aan kinders gegee en die projek gaan nog informeel voort en het selfs oorsee geland.

Vele ander projekte tydens droogtes, depressie, rampe en oorloë word ondersteun, soos:

- Droogtehulp Noord-Kaap: "Boks vir 'n Boervrou" asook die versoek om gebottelde water na die droogtegeteisterde gebiede te stuur.
- Vloede Mosambiek.

**Suiderkruisfonds:**

Mosambiek-Soldatefonds: skenkings is reeds is 1969 gemaak. So ook aan die Brandwagfonds wat vir grensbeveiliging daargestel is. Later het dit bekend gestaan as die **Manne op die Grensfonds.**

**Grensmanne**

Mev. Ritsie Viljoen, nasionale president van die leerdamesvereniging en eggenote van Lt.-genl. L.C. Viljoen, hoof van die Leër het gesê: "Ons het een groot gemeenskaplike belangstelling in hierdie tyd en dit is die soldate op die grens. Die wat agterbly het ook 'n gemeenskaplike doel - hulle wil nie agterbly sonder om iets positiefs te doen nie."

Uit 'n opname was die volgende as gewilde behoeftes gelys: poeierkoeldrank in klein pakkies, jelliemannetjies (jelly babies), grondbone, tuisgemaakte lekkers en biltong.

Die VLU het betrokke geraak en vrywillige bydraes van R2/lid/jaar vir Manne op die Grensfonds is ingestel. Een-en-twintig hoofbestuurslede het 'n toer na Grootfontein, Kavango, Rundu, Caprivi gedoen (4-6 Maart 1980).

Georgie Louw het 'n VLU-tak by Katima Mulilo gestig.

Verskeie fasiliteite is vir die manne geskep soos 'n swembad en afdakke gebou, roomysmasjiene en 'Aqua-coolers' en vele besendings droë vrugte, koekies en vele meer is gestuur. Koejawelrolle was 'n spesifieke skenking van 1980-1985.



*Grensbewakers kry eerste roomys by Oshakati.*

## SAVF

In 2003 is 'n skenking van poncho's vir straatkinders gemaak wat die **SAVF** hanteer het. Dit het voorgevloei uit die "Klee 'n Nasie-projek". Nieta Niefts van Lynnwoodtak het ook R20 000 geskenk.

So het 'n jaarlikse betrokkenheid ontstaan waar bydraes van 'n verskeidenheid klere-items soos sweetpakke, onderklere, jeans, tekkies, ensovoorts oor baie jare aan hulle geskenk word.

By Kongres 2005 is byvoorbeeld 800 sweetpakke, sagte speelgoed, skryfbehoeftes geskenk en in 2016 word baadjies ter waarde van R80 000 gerapporteer. In 2024 was die waarde van die skenking R104 857.




*Hier bo oorhandig Moreen Snyman sweetpakke aan Mev Irna Hartsenberg van SAVF as deel van "Ons gee om-projek" tydens Kongres 2003.*

*Onder is Nelie Viljoen-Toet (SAVF), Tutti Rudman (VLU), Dedré Delport (2e vise-president), Graeham Peplar (SAVF President), Dr Blanché Verster (SAVF), Almarie vd Berg (VLU) & Marieta Kemp (SAVF)*





*Mev. Katie Lotz (Presidente TVLU) oorhandig die tjek aan Kmdt. Theo Beyleveldt, 2 Spesiale Diensbataljon, Zeerust.*

TVLU-Nuus — Feb/Mrt 1983

# JEUG

Geen vroueorganisasie kan seker bestaan sonder dat kinders en jongmense nie iewers aandag kry nie want dis ma's en oumas wat deeglik bewus is van die belangrikheid van opvoeding van kinders.

So het beursfondse die lig gesien, is ander fondse gestig, het opleidingskursusse ge-organiseer en is pleegkindes onder die vlerk geneem.

Die **eerste BEURSFONDS** is in 1958 gevorm vir 'n BSc Huishoudkunde graad.

In 1978 is die **Hattie Martins Beursfonds** met R5,000 begin. Later is nog beurse ingestel soos:

**SAVLU beurse:**

- Kind van die Grond-beurs – student in Landbourigting
- Eerste Nasionale Bank-beurs – student in ekonomiese of 'n handelsrigting
- Sybil le Roux-beurs – student in Huishoudkunderigting

Tans het SAVLU net een beurs wat vir enige graadstudie aan VLU-lede se kinders en kleinkinders toegeken word.

**VLU Overvaal Beursfonds** is beskikbaar vir 'n voorgraadse student aan 'n tersiêre instelling of universiteit wat reeds 'n jaar se studie suksesvol voltooi het. Slegs VLU-lede se kinders en kleinkinders kwalifiseer hiervoor.


**KATIE LOTZ KINDERHULPFONDS**

Hierdie fonds is in 1976 gestig met die doel om instansies wat met kinders gemoeid is, te ondersteun.

Instansies wat o.a. hieruit voordeel getrek het was o.a. die Marietjie-opleidingsentrum vir gestremde kinders op Secunda (1982), Wenakker (1984), Horison Sorgsentrum in Silverton en vele ander. Die fonds is saam met die ander fondse in 2001 gekonsolideer *(Sien Geldsake bl. 22)*

**DOGTERS– EN SEUNSKURSUSSE**



**Vele dogters– en seunskursusse** is aangebied en selfs 'n kleuterbakkompetisie.

Dit is steeds 'n praktyk wat voortgesit word deur o.a. Fucshia, Wierdapark, Eldoraigne, Avanté en Kleinfontein.

**PLEEGKINDERS**

TVLU het 'n verskil gemaak deur 'n aantal kinders van die Trans-Oranje Skool vir Dowes as pleegkinders aan te neem. TVLU het hulle skoolgeld betaal, van klere voorsien en met verjaarsdae bederf.



Amanda Nagel was een so 'n kind en het 'n partytjie gehad wat deur Noord-Transvaal-streek aangebied is. Die geskenk van 'n ragfyn blou-en-wit rokkie met wit broekiekouse het haar ogies laat flikker.


Amanda se nege dowe skoolmaatjies kon deel in die vreugde van haar klaspartytjie. Fotograwe en koerantverslaggewers was ook teenwoordig en die foto-album van hierdie pragtige oggend sal dalk sorg dat Amanda self eendag 'n TVLU-lid word.
*- TWAU News Sept,/Oct, 1982*



Vanaf 1992 tot 1995 is Daantjie Jordaan, 'n doofstom seuntjie aangeneem, sy losies is betaal en met sy verjaarsdag is 'n geskenk van klere en bedrag vir sy spaarboekie gegee. Nadat sy gesinsituasie verbeter en hy by sy ouers terugbesorg is, is 'n nuwe kind aangeneem.

Robbie Botha is 'n pragtige en liefdevolle seuntjie van 8 jaar oud in Voorbereidende Graad 1.

In 1994 was daar 'n totaal van 7 pleegkinders in die TVLU, sommige ook deur ander streke aangeneem.



Dogtersprojek
aangebied deur
MIDDELBURG/BETHALSTREKE
VAN DIE
TRANSVAALSE VROUE LANDBOU-UNIE
in samewerking met die
DIREKTORAAT KULTUURSAKE,
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN
KULTUURADMINISTRASIE,
VOLKSRAAD, TALLE BORGE EN
VRIENDELIKE DONATEURS
te HTS, Middelburg,
vanaf 9 tot 13 Julie 1989.

Ek is: ..........
Vanaf: ..........

Sondag 9 Julie 1989

14h00 Registrasie en Tee
17h00 Aandete
18h00 Kennemaak — Mnr. Chris Bester
22h00 Snorktyd

Leierskursusse vir dogters is in 1963 begin.






**Hatfield:** *Van 'n barre stuk aarde tot 'n lushof om op trots te wees.*

# EIENDOMME/KANTORE

**VASTE EIENDOM**

Sedert die beginjare is gedroom en gespaar met die oog daarop om 'n eiendom te besit. Die TLU het waar moontlik, altyd kantoorspasie aan die TVLU beskikbaar gestel en self ook voordeel uit die verwantskap getrek daarin dat kombuistoerusting, gordyne en vele ander bydraes aan hulle geskenk is.

In **1938** is 'n eiendom deur Erasmustak van Bronkhorstspruit aan die TVLU geskenk. Die Erasmushut is in 1959 in 'n brand verwoes en die eiendom toe verkoop.

**1958** is 'n kantoor, komiteekamer en vergadersaal in die **TLU-gebou** in Strubenstraat aan die TVLU beskikbaar gestel na 'n rentevrye lening aan TLU in ruil vir kantoorspasie. Toe die gebou in 1966 verkoop is, is 'n terugbetaling ontvang.

**1986: Kantoor in Grosvenorstraat 270, Hatfield:**

Na ontbondeling is dit verkoop.

Gekoop: 1986 vir R 193 680

Verkoop: 1997 vir R 500 000

Oorspronklike kosprys is prorata volgens ledetal verdeel en die winsbalans gelykop wat R159 755.05 aan Overvaal besorg het.

**1999: Eenheid 13, Corporate Office Park, Jeanlaan 257, Centurion.**

Die bedrag van R234 755.00 is in totaal van TVLU ontvang (ook uit beleggings). In Januarie 1998 is besluit om liewer 'n kantoor te koop as te huur. Die eiendom se kosprys was R236 000 (ander kostes ingesluit) en daar is voortgegaan om dit in te rig. Die inwyding en kombuistee was op 24 Februarie 1999 om 10:00.

**23 Junie 1999 -** Overvaal skenk kantoorspasie aan SAVLU en later word op 'n huurbedrag van R2000 ooreengekom wat daarna met 10% per jaar eskaleer.




**Inwyding van Overvaal se Hookantoor**
Overvaal staan vandag sterk!
Na ontbondeling maak ons vandag ons merk.
Na vele swoeg en sweet
Sê Moreen en Tienie Snyman, ons twee weet!
Die kantoor word bekyk
Nêrens vind ons iets soortgelyk.
Die geldsake word beloer
Hierdie saak het meriete
en ons wil dit graag deurvoer.
Tom en Tienie Snyman word ingespan
Daar word op hul nommer gedruk elke dan en wan.
Blinders, afskortings, diefwering dit is die opdrag -
daarmee kan ons beslis nie langer wag.
Dinge gebeur...
Ons kantoor kry nuwe "kleur".
Die sekretaresse - Marie v.d Merwe
sê sy bly by hoofkantoor totdat sy sterwe.
Haar hande staan vir niks verkeerd
Alles wat sy doen is reg en altyd gereed.
Pretoriastreek se Gisela is flink
Meubels, meubels, dit is wat sy dink.
Dadelik bedink hulle toe 'n plan:
Lede en manlief word ingespan
Aan julle ons opregte dank
vir stoele, tafels, kapstok en 'n bank!
SAVLU vandag gee ons graag aan jou
'n eie kantoor
Ons vertrou julle voel hierdeur bekoor?
Moet asseblief nooit weer voel
Lede en organisasies behandel jou koel!
Ons is lief vir ons organisasie
Daarom werk ons hard en bou aan die nasie.
Overvaal ek is so trots op julle
Somtyds was daar enkele geskille.
Ons werk egter alma! saam daaraan
En bly sodoende op die regte baan.

Dankie aan Corrie en haar span
Vandag was deur julle beplan.
Julle mooi gesindheid en ywer kring al wyer en wyer.
Overvaal sal altyd terugdink aan hierdie dag
Met sonskyn in die hart en om die mond 'n glimlag!

Mag hierdie kantoor in julle harte groei
Mag ons organisasie voorspoed belewe en bloei.
Dankie aan elke lid vir julle bydraes
en dat ju lle vir ons bid.

**- Lynnette Snyman, Presidente**
**Overvaal Nuus, Mei/Augustus 1999**

# GELDSAKE

**Affiliasiegeld:**

| | |
|---|---|
| 1925 | 1/- van 5 hoofbestuurslede |
| 1926 | verlaag na 6 pennies per lid |
| 1937 | 1/- |
| 1951 | 2/- +7/- (vir organisasie) |
| 1967 | 20c /lid en organisasiefonds 70c en sluit Nuusblad in |
| 1969 | 30 sent + 30 sent organisasie + 40 sent publikasie (R1) |
| 1996 | R36.00 |
| 2002 | R60 (R40, R2 /lid vir SAVLU en fondse, verhoog na R2.50 in 2002) |
| 2025 | R200.00 |

'n **Toelaag van die Landbank** is tot 1950 ontvang op die basis van proporsioneel tot wat die organisasie self ingevorder het tot maksimum van £150 teen 5% rente.

**Subsidies** van Departement Nasionale Opvoeding, Afdeling Kultuursake is dikwels ontvang vir somer/ winterskole, opleidingskursusse en projekte.

**Kilometer tarief**

| | |
|---|---|
| 1998 | R1/km |
| 2025 | R4/km |

Die **finansiële jaar** is vanaf 2021 verander na 1 Januarie tot 31 Desember.

**Lidmaatskapknopies:**

| | |
|---|---|
| 1925: | 1s 6d |
| 1989 | R9.75 + 12% BTW. 'n 40 jaar-knopie was beskikbaar teen R55 in 9 kt.goud/ 9 kt. goudverguld was R23. |

**Fondsinsamelings:**

Straatkollekte Oktober 1930

Spyseniering: By huweliksonthale is tafels versier en heerlike versnaperings gemaak. By 'n paar vendusies is etes, tee en pannekoek bedien. By elke boereverenigingvergadering word tee bedien. Wanneer firmas lesings en demonstrasies aanbied, is etes of tee en verversings verskaf. Betrokkenheid by boeredae in die omgewing. *(Drie Riviere – TVLU Nuus Februarie 78). Vele ander takke se name kan hierby gevoeg word.*

Vlooimark: Skeerpoort: Ons het onlangs 'n vlooimark georganiseer. Wat 'n belewenis en wat 'n verrassing! 'n Rommelverkoping van "nooit gebruik" - "wil nie meer hê" - "holruggery" - "kan nie meer regkom" - "dit pas nie meer nie" - "lankal uit die mode"-artikels, maar wat skielik vir ander mense waarde het en dan die verrassing - die mooi bedrag van R295 is so maklik-maklik ingesamel, deur net huis en kaste leeg te maak! - *TVLU Nuus Februarie 78*

**ENDOWMENT FUND / BEGIFTIGINGSFONDS (VOORSORGFONDS)** om die voortbestaan van die vereniging te verseker is in 1929 met 38£ by Permanente Bouvereniging begin.

28 Nov 1931 is 'n amptelike Trust met 450£ gestig waarvan net die rente gebruik mag word.

Dit het stelselmatig gegroei en in 1983 was daar R25,000 by Saambou Bouvereniging teen 14% rente belê.

Die Trust is gesluit en die fonds is na ontbondeling tussen die provinsies verdeel. Overvaal het 'n eie voorsorgfonds.

## OVERVAAL FINANSIES

**Na die ontbondeling** in 1995 het Overvaal die bedrag van R234 755.00 van TVLU ontvang. Die bedrag is toe aangewend om eiendom, ons huidige kantoor in Office Park Centurion, aan te koop.

Daar was 7 verskillende **fondse** waarvoor proratafondse ontvang is, nl. die Hattie Martins-beursfonds, Ria Becker Reisfonds, Katie Lotz Kinderhulpfonds, Eiendoms- en Welwillendheidsfondse, SAVLU- en Vriendskapsmunte.

In 2001 word van die fondse gekonsolideer en die volgende fondse word gestig: Reisfonds, Beursfonds, Eiendomsfonds, Silwer vir SA, Vriendskapsmunte en Welwillendheidsfonds. Silwer vir SA & Vriendskapsmunte is intussen opgeskort. Bydraes tot die fondse was vrywillig, maar die takke het met funksies altyd 'n muntkollekte gehou en so fondse vir die vriendskapsmunte ingesamel.

In 2007 word die Silwer vir SA opgeskort en vanaf 2008 word daar van die lede gevra om elk R1.00 vir vriendskapsmunte en R2.00 vir die Welwillendheidsfonds by te dra. Bedrae vir die ander fondse is deur die takke self bepaal.

Dit was baie moeilik om **provinsiale funksies** *(sien volgende bladsy)* aan te bied a.g.v. die afstande wat afgelê moes word en was dus nie baie goed deur die lede bygewoon nie. In 2009 is daar 'n opname onder al die lede van die provinsie gehou. Die besluit is toe geneem dat vanaf 2010 lede 'n addisionele R10.00 sal bydra en alle provinsiale fondsinsamelingfunksies afgeskaf word. Dit word die **Provinsialefonds** genoem en is 'n verpligte bydrae per lid.

Sedert 2016 tot tans, is die bydraes vir al die fondse R20.00 per lid per jaar.

Die provinsie is as 'n **NPO** (Non-profit Organization) in **2000** geregistreer - **NPO no 010-582.** Die SAVF-skenkings is noodsaaklik vir die behoud van hierdie status.

2015: President mag een keer in haar termyn 'n WBPV Kongres gaan bywoon. Verblyf en kongres word betaal.

'n Ontbinde tak se eerste en laaste vergaderingnotules word by die kantoor gehou. 'n Lid wat ledegeld betaal het, het stemreg ongeag die stand van haar tak.

Besluite wat in Overvaal geneem word, beïnvloed elke streek aangesien elke streek deel is van Overvaal.

E-mark@Overvaal was ingestel om lede 'n platform vir verkope te gee maar dit was nie goed ondersteun nie.

Met ontbondeling was Moreen Snyman die voorsitter van finansies tot 2014. Sy is deur Ina Booyse opgevolg (2015-2016) en sedertdien is dit Nina Nel wat oor die geldsake die wag hou.







# BESKRYWINGSPUNTE

Kongres is die hoogtepunt van die jaar se werk. Dit word aanvanklik in Pretoria gehou en later verskuif na ander plekke soos Buffelspoort, Honeydew en vir die laaste aantal jare, Meulstroom Lodge buite Bronkhorstspruit. Dit word altyd geopen deur ’n belangrike persoon en belangrike sake word bespreek. Enkele deskundige referate word gelewer, interessante items word aangebied maar die belangrikste deel van die kongres was, en is nog altyd, die jaarverslag en die beskrywingspunte. Beskrywingspunte bied lede die platform om hul sake te stel aan die regering en toepaslike instellings rakende die spesifieke punt soos die sensorraad (nie meer vandag in gebruik nie), verbruikersunie (SANCU vandag) en andere.

Vele beskrywingspunte oor ’n wye verskeidenheid sake van belang vir die vrou, haar gesin en landsbelang is oor die jare by elke kongres ingedien. Sommige het met heftige debatvoering geskied, is goed deurtrap en tot op regeringsvlak gevoer. In 1953 is besluit dat beskrywingspunte eers by konferensies ingedien en gekeur moet word voor dit by kongres ingedien kan word.

Daar was dikwels 20 of meer beskrywingspunte per kongres, georden onder die verskillende studierigtings. Sedert 1995 is daar minder beskrywingspunte, gedeeltelik omdat daar minder deur regeringsinstansies ag geslaan word op enige vertoë. Hier is net enkeles wat vir interessantheid genoem word:



*BO - Ons twee bruide en moeder van die bruid, Moreen Snyman, Elsa du Plessis en Lynette Snyman vertoon hulle streke se pragtige kostuums*

*PROJEK: HERWINNING!! KOSTUUMKOMPETISIE*

1975 en 1980: Verpakkingsdatum op bevrore voedsel gevra; herwinning van papier, glas, plastiek en tin - herwinning om rommel te beperk; vra onderwysowerhede om beeldradio- of radiodienste aanvullend in te stel waar ’n tekort aan onderwysers is; om Volkekunde (Etnografie) weer as skoolvak te erken; om kafees soos hotelle te gradeer om gesondheidstoestande aan te dui; dat ambulansdienste nie onmiddellik vooruitbetaling vir pasiëntvervoer eis nie.

1980 - 1990: Verbod op publikasie van misdadigers se lewensverhale; afsonderlike belasting vir getroudes; 1982 - ID dokumente is nodig as jy geregistreerde stukke by die Poskantoor afhaal; in die Handleiding vir Tentoonstellers en beoordelaars is die term “prys” ‘n gehaltetoekenning terwyl plek of posisie ‘n eerste, tweede of derde is; 1983 - vra om strepe en tekens op paaie met growwe, glyvaste verf te verf; swaarder strawwe op veediestal; veiligheidsheinings rondom swembaddens by openbare oorde; klein lugverfrisserkannetjies om in dameshandsakke te pas; om herwinninghouers op strategiese plekke te plaas; 1989: borgtog vir verkragters moet afgeskaf word; skoene met breë passing is aangevra; behoud van Afrikaans en skoon drinkwater.

1996: SABC is gevra om aandag te gee aan taalvoorkeur op TV en spesifiek ook Afrikaans; vra vir drastiese maatreëls teen rommelstrooiing.

2001 - 2010: Naamborde om kleiner dorpe en toerisme-aantreklikhede op hoofroetes aan te dui; MSG – monosodium gutamate as potensiele gesondheidbedreiging te ondersoek; 2002 – gevra dat enkel– en kuitlengte kouse se rekke wat te styf is, aandag moet kry a.g.v. die gesondheidsrisiko’s wat dit meebring en dat been- en rekgroottes op verpakking aangebring moet word; 2003: vra die afskaffing van skooldrag; beswaar teen ydele gebruik van die Here se naam en kragwoorde in rolprente; aandag aan wetgewing oor die vervoer van klein kinders in voertuie; 2004: Consul maatskappy word gevra om aandag aan die gehalte van skroefdeksels vir hulle flesse te gee; Minister van Toerisme - om aandag aan haglike toestande van toiletgeriewe by afgeleë besoekpuntete gee; 2005: waarskuwings op Spray ‘n Cook - dampe is skadelik vir inaseming en spuit moet in goed geventileerde omgewing plaasvind; 2006: vra produseerders om GI-vlakke op gaskoeldranke en energiesappe aan te bring; beswaar teen verkorte uitsaaityd en tydgleuwe aan Radio Kansel; Tshwane: vra wetgewing teen afvuur van vuurwerke; 2007: waterbesoedeling; 2009: eienaars van posbusse moet kan besluit of advertensiemateriaal in hul posbusse geplaas kan word; spoedige uitbetaling van pensioene aan weduwees.

2011 - 2020: Slaggate – reeds in 2010 ’n punt van bekommernis! 2012: armmoede - vra subsidie op basiese voedsel; 2014 Tutti Rudman gee terugvoer oor breër skoene, wyer sykouse (2002) en Consuldeksels (2004). Versoek die regering om meer aandag aan plaasmoorde te gee; dat mastektomië nie as eerste opsie vir die hantering van borskanker aangewend word nie; 2018: versoek dat jonger dogters aan kompetisies kan deelneem; versoek dat mates van persoon vir wie kledingstuk gemaak is vir inskrywing, bygesit word vir beoordeling; die opstel van internasioanle standaardriglyne vir fotografie, skryfkuns en kuns.



2023: Vra dat lidmaatskap van die provinsie by WBPV opgeskort word en dat die fondse wat aan WBPV oorbetaal sou word, gebruik moet word om projekte in ons provinsie te loods onder die beheer van VLU Overvaal.

Magalieskruintak versoek die regering en spesifiek die Departement van Onderwys, om sanitêre doekies gratis aan skoolmeisies beskikbaar te stel. (Diana Keulder het reeds sedert 2021 ‘n projek geloods om skenkings vir sanitêre doekies te bekom - *foto regs*)

2024: Lidmaatskaptoekennings sal reeds na voltooiing van 5 jaar-lidmaatskap toegeken word.

Grondwetwysigings is deur die jare as beskrywingspunte ingedien en na goedkeuring aangebring. Dit geld ook vir die praktyke binne die organisasie se funksionering soos sake rakende beoordeling, verantwoordelikhede, ensovoorts wat verander en hernu moes word.

# LAASTE TVLU UITVOERENDE BESTUUR

**In Maart 1995 is 'n nuwe bedeling in die TVLU ingelui. Minder streke, groter besluitneming op provinsiale vlak - met uiteindelik vier outonome provinsies - meer direkte aandag aan die behoeftes van lede, verbeterde takprogramme, spesialisering, groter betrokkenheid in die gemeenskap, deelname aan forums, ens. op plaaslike en provinsiale vlak, rasionalisering, afplatting van strukture, besparing, minder voorskriftelikheid ..... en nog vele meer, is slegs voorsmakies van die moontlikhede en geleenthede wat die nuwe bedeling inhou!**

VLU-NUUS - Maart/April 1995



*<u>Voor:</u> May Penning, Corné Gaspar, Joey Schoeman, Magdie de Kock (Snr visepresident), Anna Boshoff (president), Rosy du Toit (visepresident), Stella Sephton en Moreen Snyman.*

*<u>Middel:</u> Kotie Greyling, Olga-Lin Celliers, Louise Smith, Retha Prinsloo, Kotie Pieterse, Tina Ainslie, Jakkie le Roux en Lynette Snyman.*

*<u>Agter:</u> Elsa du Plessis, Corrie du Plessis, Marietjie Gonin, Anphia Grobler, Alice van Wyk en Bets Bronkhorst.*

Dertien nuwe streke opereer nou binne die nuwe vier geografiese provinsies as outonome organisasies met die streekvoorsitters vir elke provinsie soos regs onder uiteengesit. Die besluit is ook geneem dat die vier provinsies steeds onder die TVLU-naam sal bly bestaan en as 'n eenheid saamwerk tot die afhandeling van die WBPV konferensie 1998 in Pretoria waar TVLU die gasvroue is. Met die gesamentlike vergadering is besluit dat:

- die <u>Voorsorgfonds</u> heel laaste en na afloop van alle transaksies gesluit sal word, die trust ontbind en die opbrengs prorata tot ledetal verdeel sal word.
- die <u>Ria Becker-reisfonds</u> (R5 882) gelykop verdeel sal word, die trust ontbind en dat elke provinsie weer 'n reisfonds daarmee sal vestig.
- Die <u>Katie Lotz-kinderhulpfonds</u> (R9 496.75) se trust ontbind en dat die kapitaal van die fonds gelykop verdeel sal word en dat elke provinsie skenkings aan toegewysde fondse daaruit sal maak.
- die <u>Hattie Martins-beursfonds</u> (R7 329.75), tot na afloop van die oudit onaangeraak gelaat sal word. Die trustees sal dan bymekaar kom en besluit om dit gelykop te verdeel. Die fondse sal dan voortgaan as die Hattie Martins-beursfonds en slegs die rente sal steeds, volgens die voorskrifte in die trustakte, vir beurse aangewend mag word.

In 1995 was die ledetal in TVLU 6399.

Daar is besluit dat elke provinsie onafhanklike lidmaatskap van die WBPV sal verkry.

**'n Naamsverandering** is sedert 1995 dikwels op die agenda, spesifiek oor die woord "Unie" maar na vele debatering sê Kongres in 2000 nee. Voortaan sal die organisasie slegs bekend staan as VLU - VLU Overvaal.

TVLU-NUUS — Sept/Des 1995

**Vier nuwe organisasies**

Leiers van Môre   Tomorrow's Leaders

| VLUMpumalanga/ WAU Mpumalanga | Noordwes VLU/ North West WAU | VLU Over-Vaal/ WAU Over-Vaal | VLU Noord/ WAU North |
|---|---|---|---|
| **Presidente Magdie de Kock** | **Presidente Marie Richards** | **Presidente Lynnette Snyman** | **Presidente Retha Prinsloo** |



# OVERVAAL NA ONTBONDELING

Met die verdeling binne Gauteng (VLU Overvaal) is daar vyf (5) streke gevorm:

**Jakarandastreek** bestaan uit 13 takke, wat strek vanaf De Wildt tot by Pretoria-Noord, verder suid tot by Wierdapark en Midstream in Centurion.

**Pretoriastreek** sluit areas vanaf Waverley ooswaarts tot Bapsfontein en Bronkhorstspruit in.

**Witwatersrandstreek** het takke in die omgewing van Westonaria tot Krugersdorp, Johannesburg en Linden/ Fairland.

**Goue Suide** is die streek met takke suid van Johannesburg tot by Heidelberg en Vereeniging.

**Goudrifstreek** beslaan die area van Boksburg, Springs. Benoni, Nigel, Alberton en Kemptonpark.

Aanvanklik was die naam **"Over-Vaal"** geskryf en later net as een woord.

**VLU OVERVAAL** se eerste **konstitueringsvergadering** het op 17 November 1995 onder leiding van die nuwe president Lynette Snyman plaasgevind met Elsa du Plessis en Corrie du Plessis as visepresidentes en Elsa ook as sekretaresse. Theresa Louw is vir die eerste keer as streekvoorsitter teenwoordig. Corné Gaspar is die beoordelaarsameroeper, Lynette Snyman, Corné Gaspar en Elsa du Plessis neem leiding met geldsake en Annette Buys is skakelbeampte.

'n Interimkomitee is gestig en al die sake rakende finansies en bateverdeling het aandag gekry met die hulp van 'n prokureur en ouditeur. BTW op die skenkings moes betaal word. Die gebou word verkoop en die opbrengs prorata tussen die provinsies verdeel. Die los goed is ook onder die provinsies verdeel.



**PRESIDENTES NA ONTBONDELING:**

Mev Lynnette Snyman 1995 - 2000 *(foto regs)*
Mev Tutti Rudman 2000 - 2006 *(fotovolgorde van regs na links)*
Mev Annatjie vd Merwe 2006 - 2012
Mev Elza de Bruyn 2012 - 2016
Mev Ina Booyse 2016 – 2022
Mev Barbara Nell 2022 –



**UITVOERENDE BESTUUR VAN OVERVAAL**



**Corrie du Plessis (Goudrifstreek), Corné Gaspar (Witwatersrandstreek), Moreen Snyman (Jakarandastreek), Lynette Snyman (president), Elsa du Plessis (visepresident en Pretoriastreek) en Theresa Louw (Goue Suide)**

**OVERVAAL TAFELDOEK: 2001**

Die TVLU-tafeldoek sou in 4 verdeel word. Noordprovinsie stel egter nie daarin belang nie. Overvaal betaal Noordwes en Mpumalanga R1 000 elk vir hulle dele en die tafeldoek word in geheel Overvaal s'n. *(foto van 'n gedeelte daarvan)*



**Sekretaresse:**

Marie vd Merwe 2/1/1998 tot 30/11/2018
Margaret Hough-Kotze 1/12/2018 tot 28/2/2023
Mercia Coetzee 3/3/2023







## OVERVAAL

Sedert die vroegste jare van die VLU is jaarlikse temas gekies, spesiale projekte bygevoeg, skywers, kunstenaars en persoonlikhede aangewys waaraan spesiale aandag deur die jaar gegee is. Hierdie praktyk is steeds in gebruik en wonderlike projekte en aktiwiteite daar rondom vloei voort. Noem die bekendes en beroemdes en iewers het 'n tak/streek/kongres hulle in lewende lywe as gaskunstenaars of sprekers gehad.

Die Boom van die Jaar word deur die Departement Bosbou aangewys en duisende bome is reeds voortspruitend hieruit geplant. Die Voël van die Jaar word deur Birdlife Africa aangewys en 'n Produk sedert 2022 soos Moringa, droë bone, koeksoda en heuning. Dit gee fokus aan die takjaarprogramme wat dit op interessante maniere behandel.

Die **Presidentsprojekte** soos herwinning, hef 'n kind op, hartsmense met fokus op bejaardes (2025), is ook fokusareas.

Studierigtings *(sien bl. 15)* gee rigting aan die beplanning en verslaggewing gee terugvoer en nuwe idees vir ander takke. Die wyse daarvan verander egter ook:

> 1999 word sameroepsterverslae afgeskaf, maar studierigtings word steeds gebruik in die beplanning van kwaliteitprogramme. 2000 word die programleiding afgeskaf. Met volwasse opvoeding altyd as basis, het lede nou vrye teuels om 'n wye reeks relevante studierigtings van hul keuse aan te spreek.



Plant 'n boom - Kongres 2011

**VONKELVROUE** is sedert 2007 deur Annatjie van der Merwe ingestel. Die toekenning word gemaak aan 'n VLU-vrou wat gedurende die jaar of meer jare 'n verskil gemaak het:

2007 Marleen Büre
2008 Corné Gaspar
2009 Tina Ainslie
2010 Jeanette Botha
2011 Florence Kruger
2012 Tutti Rudman
2013 Alta Prinsloo
2014 Elize van Biljon
2015 Almarie vd Berg
2016 Emmie van Zyl
2017 Johanna van Biljon
2018 Diana Keulder
2019 Lizette Pretorius
2020 & 2021 geen aanwysings a.g.v. Covid
2022 Cornel du Plessis
2023 Barbara Steenkamp
2024 Nicoline le Roux



*Staande: Tina, Almarie, Tutti, Elize, Alta, Jeanette, Marleen en Corné saam met Emmie en Florence (insetsel).*





**REKENAARKURSUSSE** word sedert 2024 deur Alta Lichtenstein by die hoofkantoor vir lede teen 'n minimale fooi aangebied.
*Staande is Alta en die leerders is Annalien Swart, Rina du Toit en Laetitia Opperman van Magalieskruin*

**SANCU** is a voluntary Non-Governmental Organisation (NGO) and Non-Profit Organisation (NPO) that represents millions of South African consumers. It functions as an umbrella organisation and its membership extends to the vitally important grassroots organisations across the country. Being independent, SANCU speaks with authority on behalf of all consumers.

TVLU was vir baie jare op die komitee verteenwoordig *(sien "Toekennings", bl. 11)*. Overvaal is steeds daar verteenwoordig met Milly Spies as sekretaresse *(links)* en Tutti Rudman *(regs).* Beide is lede van Monumentparktak.



Voorheen was verskeie ander VLU-lede ook op die komitee.

**Wintersjarme met sop & sjerrie - 14 Julie 2007**



350 dames op 'n wintersoggend in Kemptonpark leer by Abrie Coetzee oor tafeldek. Sy eerste raad is "gooi alle reëls oorboord, gebruik wat jy in jou huis het en dek uit jou hart uit." Ouma se Delft-eetstel en blikborde kombineer ewe maklik.



Die Vroue Landbou Unie (VLU), Overvaal, het onlangs 'n musiekpret en vasvra-oggend te Stretlitzia Dienssentrum gehou, ten bate van die organisasie se toekomstige projekte. Sowat 150 mense het die oggend se verrigtinge bygewoon. Teen spertyd van die koerant, was die finale bedrag wat op die dag ingesamel is nog nie bekend nie. Hier te sien is, agter (van links): Georgie Louw (Overvaal-skakelbeampte), Elza de Bruin (Overvaal visie-president), Wouter Strauss (die oggend se vermaaklikheidskunstenaar), Leana van Graan (VLU Goue-Suide), Nelie van Buuren (VLU Goudrif) en Annetjie van Zyl (VLU Pretoria). Voor: Ida de Klerk (Jakaranda-streek voorsitter), Annetjie van der Merwe (Overvaal VLU president) en Maatje Vollmer (Witwatersrand-Oos streekvoorsitster).

**Boksburg - 2008.** Dit was die laaste van die provinsiale fondsinsamelings met so 'n vermaaklikheid. Hierna het lede jaarlikse bydraes gemaak. (*Sien* Geldsake, bl.22)

**KLEIDUIFSKIET**

In 'n poging om geld in te samel vir opgradering van die kantoor en die subsidiëring van lede se kongresregistasiegeld, is 'n kleiduifskietkompetisie op 2 Junie 2023 gehou.



Geld is ook op ys gehou vir die daarstel van 'n webwerf. Hierdie droom is uiteindelik verwesenlik:

**Webwerf www.overvaal.co.za**

Daar word vir 2025 weer so 'n dag beplan sodat fondse aangewend kan word vir ons **Hef 'n kind op-projek**, spesifiek vir die aankoop van wetenskaplike sakrekenaars.

**KUIER & KLETS**



Die eerste kreatiewe oggend was in 2022 gehou om vir lede van verskillende takke en streke die geleentheid te gee om saam te kuier terwyl nuwe vaardighede aangeleer word. Al die streke het saamgepan om die eerste Kekkel en Klets aan te bied. Pretoria, Jakaranda, en Witwatersrand het in 2023 en 2024 saam 'n geleentheid beplan terwyl Goudrif en Goue Suide saamgespan het vir 'n tweede geleentheid. Lede het hierdie oggende in groot getalle bygewoon. Vanaf 2025 word een groot geleentheid per jaar gehou.

**TVLU VONKELVROU OGGENDE:**




**1990 Pretoria Stadsaal**

Cronjé Lemmer mode-ontwerper

Carika Keusenkamp - compére

Rina Hugo – gaskunstenaar

Tafels is deur Mev Sybil le Roux, SAVLU president, beoordeel.

Kaartjiekoste R35 – 646 verkoop, Wins R17 513.18 (Inkomste R24 700, uitgawes R7 186.82)

**1991 Pretoria Stadsaal**

Henja Schaap – Modeparade

Fransesco Cignoli & Marco Panora - gaskunstenaars

Matty Reid – gasspreker

Kaartjiekoste R35 - 703 verkoop

1992 **Pretoria Technikon,** Modeparade

Marthinus Höll & Gina Snyman

Jannie du Toit & Christa Steyn - gaskunstenaars

Kaartjiekoste R40

**1993 Alberton Burgersentrum**

Modes deur WWR en WWR-Oos

SAP Polisieorkes - gaskunstenaars

Mev Anna Boshoff – spreker

Kaartjies R40 - 1954 kaartjies verkoop

In: R78 307, 55, Wins R44 211.45 verdeel tussen 6 streke

**TRUK Musiekblyspele uitgekoop:**

- ◊ My Fair Lady 1/12/1990
- ◊ Brigadoon 7/12/1992 Aantal kinders van Louis Botha Kinderhuis se kaartjies geborg.

**Dramafees:** Augustus 1996

Brooklyn 1ste plek (R100 prysgeld) en Naguile 2de R50

**Talentfees** 1997

**DAMESOGGENDE:**

'n Vrouedag het in 2024 die lig gesien. Die eerste oggend is aangebied in samewerking met Rolkem. Daar is naellak en oogskaduwee gemaak. Die inkomste van die oggend is aangewend om kongreskoste te verlaag sodat meer lede dit kan bywoon.



VLU Overvaal het in 2025 weer so 'n oggend aangepak wat baie goed deur lede ondersteun is.

Almal is dit eens dat die saamkuier 'n hoogtepunt is.

**OVERVAAL GHOLFDAE**.




Fondse is altyd noodsaaklik en altyd ‘n uitdaging, nie alleen vir die organisasie nie, maar ook vir die lede. Daarom word daar altyd planne gemaak om fondse te in en die lede weet ook dat dit gewoonlik prettige geleenthede is.

Die **eerste gholfdag** was op 18 Oktober 2019 te Dienste Gholfbaan gehou. 'n Bedrag van R20 000 is aan Kansa geskenk. Wins met die eerste gholfdag was R 68 042.

Die tweede gholfdag wat in 2020 sou plaasvind, is weens die grendeltyd gekanselleer.

Eagle Canyon in Honeydew, Roodepoort is toe die baan van keuse vir die **derde gholfdag** op 20 April 2021. Agtien gholfspanne het deelgeneem.

Van die inkomste word volgens betrokkenheid verdeel om VLU Overvaal-lede te ondersteun met die bywoning van die SAVLU kongres. Geld is ook ingesamel vir die aanbied van die SAVLU kongres in 2021.





**INLIGTINGSDAE** vir alle kompetisies is jaarliks in streekverband aangebied. Die afgelope twee jaar is die Overvaal- en SAVLU kompetisies apart in roterende streke aangebied. So is dieselfde inligting vir almal beskikbaar. Streke hou steeds hulle eie streekinligtingsdae vir die streekartikels.

**KURSUSSE:** verskeie kursusse is aangebied in fotografie, skakelwerk en vir ampsdraers.

**UB SPANBOU:** Om voor te loop, is goeie samewerking en kennis van mekaar nodig en daarom doen die presidentes moeite om die uitvoerende bestuur saam te bind. Een so ‘n dag lewer die volgende berig: “Vroegoggend vertrek ons in Margaret se bussie na Roodepoort. Dis ‘n gelag en gesels al die pad. Maar o wee, daar spring ’n boetebessie voor ons in. Sy laat Margaret egter met ‘n waarskuwing gaan maar sy moet versigtig wees omdat sy die "old age people" vervoer! Dit gee ‘n groot gelag af maar toe ons naby ons bestemming indraai en ons kry sowaar ‘n aftreeoord, toe lag ons eers!”



Nog ‘n gewilde dag was by Purple Posy op 15 Oktober 2023. Die boodskap uit die gesprek rondom selfsiening en leierskap het beklemtoon dat leiers ferm maar met deernis en bedagsaamheid en nie met ego moet lei nie. Die kalmerende effek van die laventelplante,

**HERFSSKOOL**

Soos met ontbondeling besluit is, reël elke provinsie steeds herfskole waarheen al die ou Transvaal-provinsies uitgenooi word. Overvaal bied die herfsskool by Meulstroom Lodge, naby Bronkhorstspruit, op 10 - 12 Mei 2016 aan.

Die tema het gehandel oor die Britse Monargie soos bespreek deur Daniel Swanepoel, ‘n juweelontwerper van Northcliff, wat inligting oor die juwele en krone met ons gedeel het en van koninklike etiket. Die dames maak hulle eie krone vir die aand se galafunksie en elke dame ontvang ‘n drasak wat sy na haar eie smaak kon versier.

Jemina von Nieuwholz lewer ‘n kosdemonstrasie met die fokus op preservering van kruie. Sy bespreek die verskillende kruie asook die gebruik van vars kruie in maaltye en ook nuwe idees om slaai voor te berei.

Die gala-aand het 'n Casino Royal-tema gehad en daar is saamgespeel en gekuier. Die dames was almal deftig in swart en rooi aangetrek en die tafels mooi versier om by die tema aan te pas. Nina Nel (Goudrif) behartig die speletjies tydens die aandfunksie wat baie komiese oomblikke veroorsaak.

‘n Harsartikelwerkswinkel word deur Barbara Nell (Jakaranda) aangebied en die geleentheid is gegee om twee artikels te maak. Nog ‘n aktiwiteit was om ‘n memobord te maak onder aanwysing van René Bredenhann (Goue Suide) en dis interessant om te sien hoe elke dame haar eie stempel afdruk. Corné Caspar (Witwatersrand) verduidelik Suikerkant en laat elke dame ‘n koekie daarmee versier. Dit het ons net weer laat besef dat jy vir 100 dames dieselfde artikel kan laat maak en jy gaan 100 verskillende eindprodukte sien.




Marthie Maré, ’n fisionoom van beroep, praat oor fisionomie en hoe dit gebruik word om karaktereienskappe by mense te ontleed deur gelaatstrekke te bestudeer. Die dames was vasgevang deur haar aanbieding en haar ontledings en die tyd het gans te vinnig verby gegaan.

So verseker al die streke die sukses van die geleentheid en dis duidelik dat ‘n herfsskoolprogram vol maar verrykend is!



TVLU – Somerskole is sedert 1956 gereeld gehou. Eerste in Linden, Johannesburg gehou met tema “Die Vrou en haar omgewing”.

Twee ander somerskole wat Overvaal aangebied het was in 2002 by Klein Kariba en in 2011 by Weesgerus te Nystroom.

## KONGRESSE

Kongres in 'n jaarlikse hoogtepunt op VLU Overvaal se kalender. Daar word soveel beplanning gedoen met interessante sprekers, demonstrasies en ander pretdinge *(soos die foto's illustreer).*

Die eerste kongres van Overvaal is op 19 September 1995 te Esselen Park as net 'n een-dagkongres met die tema "Leiers van Môre / Leaders of Tomorrow". Die projek was Water.

SA Printing College in Honeydew was hierna vir baie jare die kongreslokaal totdat Meulstroom Lodge naby Bronkhorstspruit "ontdek" is. Om reg te laat geskied aan die groot geleent-heid, strek dit deesdae oor een en 'n halfdag. Baie kongresganges voeg nou ook 'n ekstra nag se oorslaap by want dan hoef hulle nie vroeggend op te staan vir die ry daarheen nie.



**FOTO :** So het die dames aangetrek - vanaf 1925 - 2005 *(By kongres)*

Overvaal skram nie weg van uitdagings nie.

'n **SAVLU-KONGRES** is in 2012 by Meulstroom Lodge aangebied en so ook 'n volgende een op 28 en 29 Oktober 2021 by die St George Hotel. Die saal was fleurig en stylvol versier, het getuig van weke en maande se beplanning en uitvoering in die fynste detail. Die 24 afgevaardigdes en 151 gaste se terugvoer dat sprekers en vemaak voortreflik was en die kos heerlik, maak alles die moeite werd.

Die kunstenaars en sprekers was van hoogstaande gehalte en het kongresgangers verryk met kennis en "padkos" vir die lewe. Daar is ook gewerk en vier beskrywingspunte isgoedgekeur.

Die gala-aand met die rooi tapyt wat letterlik uitgerol is, het almal se asems weggeslaan en soos baie belangrike gaste laat voel. Almal is uitgevat en kon nie wag om op rooi tapyt te loop en mooier te lyk as die "Hollywood se sterre"! Manuel Escorcio, die kunstenaar by die gala-aand, het nie teleurgestel nie.




*Corné Gaspar ontvang 'n trofee van Tharina Rossel, SAVLU president.*

Die uniekheid van die vrou moet nooit onderskat word nie - jou waarde is ver bo korale!

BESKRYWINGSPUNTE:

1) . Vrystaat VLU rig 'n dringende versoek aan al die provinsiale regerings van die land om meer aandag aan die instandhouding van provinsiale paaie te gee.

2). Mpumalanga VLU versoek dat wetgewing ingestel word om die gebruik van plastiekinkopiesakke te verbied.

3). Mpumalanga VLU versoek dat verkeersligte en verkeerskameras se bron van kragvoorsiening vanaf elektries na sonkrag verander moet word.

4) Mpumalanga VLU versoek stadsrade om dringende aandag te skenk aan die swak bestuur en onderhoud wat daartoe lei dat riool in dorpe en stede se strate beland.



*Pretvertoning tydens kongres met anonieme deelnemers...*

**MARKTAFEL, GELUKKIGE TREKKINGS EN...**

Almal hou van 'n verrassingsgeskenkie! Takke en streke dra by om geskenkpakke op te maak waarvoor lootjies verkoop word.



Daar is ook die laaste aantal jare 'n marktafel met items wat nie meer as R20 moet kos nie. Overvaal kry inkomste en lede stap weg met winskope!

Die "afterparties" - in pajamas, nog eet en baie grappies...



**E-KONGRES**

Twee e-kongresse is ook gehou as gevolg van die Covid-19 pandemie *(sien die volgende bladsy)*

| **… EN TOE GEBEUR DIE ONDENKBARE - COVID-19...** | **Voortspruitend uit COVID**-19 (Op 26 Maart 2020 is ‘n totale grendeltyd ingestel en stelselmatig oor maande verslap): |
|---|---|
| As iemand ooit in die toekoms hieroor sou wonder, sal dit op enige internetplatform uitspring as een van die gebeure wat die wêreld tot stillstand geruk het. Saam met die wêreldoorloë, Hiroshima, Auschwitz, 9/11, tsunami’s of watter ander ramp of gebeurtenis ookal, sal dit daar staan. Die wêreld is tot stilstand geruk, totale afsluiting van alle beweging is ingestel (“lock downs”). Niemand mag reis nie - nie per land, spoor, lug of see nie, niemand mag sommer uit hulle huise gaan nie, fisiese afstand en isolasie is aan die orde van die dag. Die wêreld se ekonomieë is in hulle maai in, mense kry nie inkomste nie en selfs salaristrekkers moet gedeeltes afstaan… Wetenskap-fiksie op sy beste in realiteit - nie in ’n storieboek en iemand se verbeelding nie.<br><br>Hierdie het ook ‘n effek op die VLU gehad. Vele takke het lede aan die dood afgestaan, lede het bedank en die finansiële impak was oral sigbaar en die gevoel en die “normaal” van vroeër is nie meer die “normaal” van daarna nie. Mense moes nuut dink en doen - aanvanklik was dit net ‘oorleef’ en tyd laat verbygaan. VLU se veerkragtigheid het vinnig aanpassings gemaak - WhatsApp groepe en kommunikasie het geblom, kongres en konferensie is virtueel aangebied en vele bestuursvergaderings het daarna plaasgevind en vele hiervan is steeds aan die orde van die dag. | Eerste Uitvoerende Bestuur virtuele vergadering vind op 11 Mei 2020 plaas.<br><br>Takke en streke hou steeds vergaderings maar meestal via WhatsApp met stemnotas en gesprekvoering.<br><br>Takke en streke word aangemoedig om elektronies die takke aan die gang te hou.<br><br>5 Augustus is ‘n mylpaal toe die VLU Overvaal-kongres op You Tube opgeneem word met Annelien Pienaar as die spreker. UB lede kom by Ina Booyse se huis bymekaar vir die uitsending. Selfs die prysuitdeling vind plaas. ‘n Kykergetal van meer as 1500 word aangeteken.<br><br>‘n Maskerkompetisie word op Facebook gehou. Anneke Maurer van Lentetak was die wenner met haar kreatiewe skepping.<br><br>**2021**<br><br>Takke wil in reses gaan a.g.v. Covid. Reses beteken dat ‘n tak tydelik sy aktiwiteite opskort. Slegs opskorting van aktiwiteite word toegelaat. Die betaling van affliasiegeld is steeds verpligtend.<br><br>Tweede virtuele VLU Overvaal kongres met Mia Wege as spreker. *(Sien hieronder vir meer inligting).*<br><br>Al die streke bied virtuele konferensies aan. Verkiesings word elektronies gedoen. Die pandemie het verseker dat tegnologie skielik op die voorgrond geplaas is. VLU Overvaal-lede maak sedertdien soveel makliker van tegnologie gebruik en wanneer ons terugkyk besef ons dat ons nou meer effektief kan kommunikeer. |

E-KONGRES:

5 Mei 2021 - Na die vorige jaar se opname wat op YouTube uitgesaai is, het die bestuur die kongres weer saamgestel. Die medewerkers was die Hoofbestuur, Barbara Nell (visevoorsitter en ook op die kongres herverkies), Adri van Niekerk (nuutverkose streekvoorsitter van Witwatersrand), Petra Maritz (uittredende skakelbeampte), Nina Nel (tesourier), Elize Coetzee (Goue suide – nuwe streekvoorsitter), Hester van Heerden (Pretoria), Ina Booyse (President) en Margaret Hough-Kotze (sekretaresse) *(foto regs).* Almal is uitgevat vir voor-die-kamera-tyd en verder rustig tydens die proses. Kameraman is Marius Oosthuizen en die mooi agtergrond is in Ina se huis.

Soos almal weet gaan dinge nie altyd seepglad soos dit beplan is en tegnologie speel ook nie altyd so lekker saam nie. Ten spyte van die eerste uitsending wat ‘n tegniese probleem gehad het en ons ‘n paar dae moes wag vir die 2de uitsending, was dit tog die moeite werd.





5 Augustus 2022 was die eerste geleentheid vir al die streke om weer saam te kuier – Kreatiewe oggend (Later Kuier en Klets genoem). Ma Elma Human en haar dogter, Ezthea Verwey, geniet die heerlike kreatiewe oggend - hier besig met die "gelli plate printing" .



*Bo: Troeteldiere is ook slagoffers van die pandemie maar VLU-harte reik uit.*




*Bo: As almal geïsoleer is en mediese personeel emosioneel swaartrek, het lede interessante wyses uitgedink om te onderskraag. De Nuit se Grietjie Doubell het die banier op Unitas hospitaal se heining aangebring.*



'n Houtgekerfde weergawe van die embleem word deur Ida de Klerk aan Nelie van Buuren oorhandig as trofee vir die streek met die Meeste Punte. Die trofee is deur Ria Kritzinger, 'n voormalige president van TVLU, geskenk.

Aangesien Overvaal se materiaal vaandel deur jare se gebruik verweer is, het Hannetjie Koekemoer (Kilnerparktak) die materiaalvaandel oorgedoen.



*SAVLU se Komberse-projek 2020 tydens Covid is goed ondersteun.*



Overvaal by SAVLU-kongres Aldam, Vrystaat 25 - 27Oktober 2015




*Fotografiekursusse is op 12 November 2014 en 29 Mei 2019 aangebied en is altyd 'n populêre kursus.*
*As deel van skakelbeampte-opleidingsgeleenthede wat in 2022 in elke streek aangebied is, het Barbara Nell (president) fotografiekursusse by elkeen aangebied.*



**KING PRICE**

Op 8 Mei 2023 het VLU Overvaaldames pret gehad by King Price Versekering se hoofkantoor en was meegevoer met hulle besigheidsmodel en kultuur. Die doel was om met nuwe oë na ons eie organisasie te kyk en nuwe moontlikhede raak te sien.

## VLU OVERVAAL KUIER BY KALAFONG HOSPITAAL



*FOTO : Tweede van links is Lettie Louw - Anphia Grobler SA VLU presidente, twee studente, Elize Klein van Namibië, Janet Gibson, Tutti Rudman en nog twee studente.*

Onlangs het VLU Overvaal in samewerking met die departement Dieëtkunde 'n partytjie vir die kinders met kanker by die Kalafong hospitaal gehou. Ons het vir hulle koekies, lekkers, vrugtesappe, skyfies, maskers, balonne en blaasfluitjies gegee.

Alhoewel hulle almal baie siek is was die vreugde op die gesiggies, toe hulle al die goed ontvang, duidelik te sien. Die studente het vir hulle 'n poppekas en springkasteel gereël. Dankie aan Janet Gibson en Lettie Louw van Valhalla wat ook teenwoordig was.

# GOUDRIFSTREEK

In TVLU het hierdie streek as Witwatersrand-Oosstreek geheet en uit 11 takke bestaan wat na ontbondeling Goudrifstreek geword het. Goudrifstreek is gestig onder leiding van **Corrie du Plessis** as eerste streekvoorsitter. Die nuwe streek se 11 takke was Benoni, Birchleigh, Brakpan, Boksburg, Carpe Diem, Dinwiddie, Kempton Park, Nigel, Springs, Sonhoogte en Zesfontein met ongeveer 375 lede. Kort na ontbondeling het Zesfontein ontbind en die Springstak verander hulle naam na Rosa Rosarum. In 1996 word daar 'n aandtak in Kempton Park gestig, Denique.'n Nuwe embleem vir Goudrifstreek word deur Aldo van der Walt ontwerp en Louise van Vuuren het die vaandel geverf.

Hoogtepunte uit **Annatjie van der Merwe** se termyn was 'n spog modeparade by Springs Burgersentrum, met Dennis Lloyd en sy modelle. Ivy Sutton het ons vermaak met haar wenke vir 'n suksesvolle huwelik. 'n Damesdag met Hannon Bothma word deur byna 350 dames bygewoon. Die streek se dames het ook met 'n sop en sjerrie oggend 'n baie vermaaklike konsert aangebied.

Toe **Nelie van Buuren** die leisels as voorsitter oorneem, het die streek het nogsteeds uit 10 takke bestaan, maar die ledetal het intussen na 285 gedaal. Die musiekaand wat by Springs Klein Teater met kunstenaars Vera-Marie en Trevor Nasser gehou is, is goed deur die lede en gemeenskap ondersteun. 'n Damesoggend met Gretha Wiid is deur 300 dames bygewoon en 'n Internasionale dag is ook aangebied.

Goudrifstreek word vir twee agtereenvolgende jare as algehele wenners by Kongres aangewys. In 2009 word 'n nuwe gekwilte streeksvaandel deur Lulu Pieterse gemaak en ingehuldig.

In 2011 word **Nina Nel** verkies tot streekvoorsitter en die streek bestaan toe uit 9 takke en 197 lede. Daar was behoorlik gewikkel en gewoel. Die eerste projek op die tafel was Goudrif-hempies vir al die kongresgangers. 'n Nuwe tafeldoek vir die konferensietafel word saamgestel deur blokke met die takembleme met Goudrif se embleem as middelpunt. Al die takke het saamgewerk en gekwilt vir die projek. Ons tafeldoek is met die 2014 konferensie in gebruik geneem.

Goudrifstreek neem ook deel aan die projek om die Guinness Book of Records te breek deur die trappe van die Voortrekker Monument toe te pak met gehekelde en gebreide blokkomberse. Goudrif het 4 500 blokke aan die organiseerders oorhandig en self die Voortrekker Monument besoek. In 2015 skenk Goudrif ongeveer 500 gebreide teddiebere en lappoppe aan Solidariteit se Kersprojek. Die besoek aan Boksburg gevangenis sal ook die lede lank bybly. Alta Prinsloo is in 2013 en Emmie van Zyl in 2016 aangewys as **Overvaal se Vonkelvrou** van die jaar en Alta reël 'n oggendtee by Witfield aftreeoord ter stuiwing van hulle fondse.

Elke jaar is daar 'n streeksfunksie aangebied met verskeie kunstenaars, o.a Alwyn Oberholster en Louis-John, 'n heerlike internasionale-oggend en 'n verskeidenheidskonsert waaraan al die takke deelgeneem het. Die "Hoede en Hakke"-damesoggend was 'n groot sukses. Marthie Mare, 'n fisionoom was 'n gasspreker met een van ons funksies. Die gewildheid van 'n streeksafsluiting het toegeneem en dit het nou 'n jaarlikse instelling geword.

In 2017 neem **Alta Prinsloo** oor as voorsitter. Die streek het 9 takke en 211 lede.

Die streek neem 'n besluit om nie meer funksies aan te bied nie en elke lid is bereid om R40 ekstra by te dra vir die streeksfonds. In 2019 ondersteun die streek die "Boks vir 'n Boervrou" asook die versoek om gebottelde water na die droogte geteisterde gebiede te stuur. Lede hekel en brei vir "New born"-babas vir die Oliver Tambo hospitaal. Met die uitbreek van Covid 19 in 2020 en 2021 word daar Willie Wikkelwurms en poppies gehekel en by kleuterskole uitgedeel. Daar is ook uitgereik na die personeel by hospitale, nooddienste en aftreeoorde. 'n Hoogtepunt was die e-konferensie wat in 2021 aangebied is. Whatsapp-vergaderings het gou deel van die normaal geword. Goudrif ondersteun graag die DBV en daar is op gereelde basis dierekos en komberse vir verskillende DBV's in ons streek bymekaar gemaak. Vroetellappies is ook vir Alzheimer-pasiënte geskenk. Ronél Lombaard word verkies as voorsitter in 2023 en dien een termyn. Met Overvaal se eerste kleiduifskietkompetisie beman Goudrif die pannekoekstalletjie. Twee heerlike afsluitings-funksies word gehou, die een 'n boeresportdag en die tweede 'n internasionale oggend.

Birchleigh se naam is verander na Jasmyn en Dinwiddi na Le Fleur.

Met 2025 se konferensie word Ronel du Plessis as streeksvoorsitter verkies. Daar is nou slegs 6 takke met 'n ledetal van 130. Hierdie ses takke staan sterk en is positief oor hulle voortbestaan - Goudrif is trots op julle!



2025-
Ronél du Plessis

<u>Takke ontbind:</u> Sesfontein 1995, Sonhoogte 1998, Benoni 2007, Denique 2017, Rosa Rosarum 2018, Boksburg 2024.



1995 -1998
Corrie du Plessis



1999- 2004
Annatjie vd Merwe



2005- 2010
Nelie van Buuren



2011- 2016
Nina Nel



2017- 2022
Alta Prinsloo



2023- 2024
Ronél Lombaard

## BIRCHLEIGH / JASMYN 1964 TOT 2025



Jasmyntak in samewerking met Spinnerin, het deelgeneem aan 'n landwye 30-uur Safari Hekel Marathon op 27 en 28 Mei 2023. Vriendinne en kennisse, lede van ander takke, kliënte en ook Spinnerin se dames, het saamgekuier, gelag, wenke en idees uitgeruil en blokke gehekel. Alta Prinsloo en haar vriendinne het met teetyd die Saterdagoggend, toe die dames al bleek om die kiewe na die deurnag was, almal bederf met heerlike doughnuts - een groot fees!

Birchleigh is met 17 dames op 6 Mei 1964 gestig en Mev. Babsie Scholtz is as voorsitter verkies. Ledegeld was R1.00 per jaar en daar was 'n verpligte inskrywingsfooi van 50 sent per jaar vir die TVLU Nuus. Die teegeld was 10 sent en R1.70 is ge-in met die eerste vergadering. Die eerste werksklasse wat aangebied was, was Kelimwerk deur die Wolraad aangebied. Die koste daaraan verbonde was 50 sent vir 3 klasse.

Birchleigh tak was nog altyd 'n tak waarmee rekening gehou moes word en het op alle vlakke uitgeblink. In Februarie 2022 het die tak se naam van Birchleigh na Jasmyn verander, 'n nuwe vaandel is ingewy en hulle vergader in Brentwood Park, Benoni. Ons doen voort met prestasies soos om die afgelope 4 jaar die algehele wenners tydens Goudrif se konferensies te wees en verwerf vele ander toekennings. Gedurende die laat negentigs was die ledetal meer as sestig maar vanweë die verandering van demografie in die naburige omgewing, het baie lede bedank en weggetrek. Tans is die ledetal 23 en Charlotte van der Linde is die voorsitter.

Gedurende die 61 jaar het 17 voorsitters die amp beklee en daar is nog drie voormalige voorsitters lid van die tak, Diana van der Walt, Nina Nel en Ronél du Plessis.

Twee uitstappies wat uitgestaan het was die besoeke aan Jan Smuts Lughawe en die Staatsteater in Pretoria.



WITWATERS-RAND-OOS

*WITWATERSRAND-OOSSTREEKBESTUUR*

*Voor: Mevv Ellen Joubert (2e (2e vise – Brakpan), Bapsie Marais (streek voors – Benoni), Lynne Moolman (1e vise – Edenvale).*
*2e ry: Mevv Coetzee (Chloorkop), M de Villiers (Boksburg), M de Bruin (Boksburg), T Botes (Brakpan), S Siebrits (Kempton Park), J v Dyk (Edenvale), L de Villiers (Noordkemp).*
*Agter: Mevv M v Wyk (Brakpan), J v Wyk (Edenvale), (die wat gesien kan word) mevv C de Villiers (Kempton Park), Horne (Kempton Park).*

## BRAKPAN - Ons huis Ons tuiste

Die Brakpantak is op 28 September 1960 deur Mev. Isabel Venter, wat op daardie stadium die streeksvoorsitter van die Witwatersrandstreek was, gestig.

Deur die jare het die "vroue met die vele talente" van Brakpan, uitstekend met kompetisies gevaar en was altyd nou betrokke by baie liefdadigheids- en fondsinsamelingsprojekte.

Brakpan het tans 23 lede wat ook vriendinne geraak het en in mekaar se lief en leed deel.



*<u>Staande:</u> Ina Troskie, Jeanette Minderon, Anita Havenga, Ria Coetzee, Mary-Ann Sargent, Sylvia Smith, Alet Neveling, Alta Prinsloo en Jackie Lavos. <u>Voor:</u> Hester Vorster, Delores van Rooyen, Myra Smith, Lena Smith en Elsa Kruger.*

## DINWIDDIE / LE FLEUR

Dinwiddietak is op 18 Maart 1971 aan huis van Mev Rina Naude gestig.

Dinwiddie het September 2024 **Le Fleur** geword en die huidig ledetal is 17.

Eerste voorsitster: K Nortjie,
Sekretaresse: R. Naude.

Huidige voorsitter: Ria van Rensburg,
Sekretaresse: Susaan Stock.

Le Fleur se nuwe vaandel is tydens die 2025 Konferensie ingehuldig.



## CARPE DIEM

Carpe Diem is in 1984 deur twee lede gestig naamlik Joyce Enslin en Wilna Evans. Hulle begin met 12 lede en tans staan die ledetal op 17 met Sankie Jordaan as voorsitter en Louis Notnagel as sekretaresse.

*- Ledefoto van vandag.*

**KEMPTONPARK**

VLU Kempton Park word op 23 Februarie 1950 gestig met die leuse: “Liefde in die gesin bring vreugde”. Op 5 Maart 2005 is die vaandel onthul.

Huidige ledetal is 24 en Marié Clarke die voorsitter.







*VLU Kemptonpark verskyn in Die Beeld in 2023 ter bewusmaking van velkanker Hulle brei miniatuur sonhoedjies om as borsspeldjie gedra te word en het dit aan leerders uitgedeel. Hendrien Olivier, Alta Grobler (voor), Marié Clarke & Marina Bessinger en (agter) met die hoedjies op hul koppe, haal darem die Saterdag Beeld.*

**NIGEL**

Die TVLU-tak van Nigel is op 24 Februarie 1939 deur mev. Dely gestig met mev. M.E. du Toit as voorsitter en ‘n span toegewyde stigterslede.

Ondanks die uitdagende oorlogsjare, het die tak blywende standvastigheid getoon en aktief deelgeneem aan “Die Vroue-Wêreld”. In 1944 het hulle fondse aangewend vir die aankoop van ‘n Spin-en-Weeftoestel, wat opleiding en ‘n uitstalling vir lede moontlik gemaak het.

Nigel se sentraliteit in die Hoëveldstreek het dit ‘n kernpunt vir streeksbedrywighede gemaak, insluitend gesogte kursusse en ‘n suksesvolle toneelfees, waar die tak as wenners aangewys is.

Na ontbondeling word Nigel deel van die Goudrifstreek. Die ledetal is tans 26.

Eerste voorsitster: M.E. du Toit, sekretaresse/tesourier: AM Jordaan, AA vd Hooven, ME Bruwer en F Rens.

Huidige voorsitter: Annemarie Axer, sekretaresse: Kittie Bronkhorst

## GOUE SUIDESTREEK

**GOUE SUIDE** is die streek met takke suid van Johannesburg: Alberton tot by Heidelberg, Vereeniging & Deneysville.

Dit is op 11 Maart 1995 deur Lynette Snyman, streekvoorsitter gestig. Daar was 15 takke met ontbondeling en sedertdien het 11 ontbind: Drie Riviere, Wilde kastaiing, Sonskyn, vd Bijlpark, Daleside, Arconpark, Heidelberg, Kosmos, Linmeyer, Saamwerk, Unitaspark en Eikenhof is na FWI in Natal.

Visarende is ‘n nuwe tak wat in 2013 gestig is.

Opvolgende streekvoorsitters:

Thereza Louw
1996 - 2002





Leana van Graan
2003-2008



Barbara Steenkamp
2009-2014



Rene Bredenhann
2015-2020



Elize Coetzee
sedert 2021.

Die VLU maak ‘n verskil - oor die jare het dit baie vir lede beteken en is deel van vrouwees. Vriendskappe is gesmee, vaardighede is aangeleer en talente ontwikkel.

‘n **Hoogtepunt** is toe die streek se vaandel ontwerp en gemaak is onder leiding van Elize van Biljon;

Visarendetak wat in 2013 gestig is;

Talle lede wat op gereelde basis by verskillende takke aansluit.

**Laagte punte** is die takke wat ontbind het en lede wat bedank. Die ontbinding van takke kan grootliks aan die ekonomie toegeskryf word. Jong dames is genoodsaak om te werk. Ouer dames se inkomste en gesondheid laat hul nie altyd toe om lid te bly nie.

**Streekprojekte**

- Lentetee’s is gehou met uitstallers teenwoordig.
- Gholfdae is met groot sukses gehou om streekfondse te versterk.
- Goue Suide bied die afgelope 15 jaar Winterskole in Vereeniging en Kerswerkswinkels in Alberton aan. Dit word deur Barbara Steenkamp en Elize van Biljon aangebied. Hul het die behoefte onder lede raakgesien en daadwerklik opgetree en ‘n plan van aksie van stapel gestuur. Die provinsiale Somerskool wat op daardie tydstip plaasgevind het, was te duur en te ver vir alle lede om by te woon.
- Tot 2012 het ‘n enkele tak die konferensie aangebied. Omdat takke egter min en ledegetalle laag is, bied die streek sedertdien die konferensie gesamentlik aan. Werksverdeling word gedoen en dit ruil jaarliks. Takke befonds die konferensie deur pannekoekverkope, worsrolletjiestalletjies en teetuine wat by kerke gehou word en verseker daardeur dat elke konferensie spesiaal is.

Goue Suide se hooffunksie is om na die vrou uit te reik, haar in geheel te bemagtig met kennis en vaardighede sodat sy dit in haar huishouding kan toepas.

**Ons doelwit:**

***Om erken te word as kragtige vroulike rolspelers in ons gemeenskap.***

HEIDELBERG/NIGEL HERAUT 14 MAY 1997

*** Rensburg VLU**

# Dames vier 24 jaar se vlytige werk



**HEIDELBERG - Mev Dolly Geyer, een van die lede van die VLU Rensburg-tak, het 'n gedig geskryf ter viering van die tak se 24ste verjaardag:**

In Heidelberg Gastehuis kom ons tesaam,
Trots op die 15-lid takkie se naam.
Ons klink 'n klein glasie op die twee dosyn jaar
Waartydens ons maandeliks vlytig vergaar.

Kompetisies, konferensies en koste word bespreek,
Die voorsitter prys en die voorsitter preek
Gesellig en gelukkig lag ons en praat;
Verversings smaak heerlik, maar die dag word laat

Ons koukus en klets oor die komende jaar
voel almal om kennis op te gaar
Ons lag hartlik saam, waar ons ook gaan
Deel in elke triomf, maar ook in die traan.

Planne word beraam en sake gereël
Sodat geen enkele dame haar ooit sal verveel
Om lid van die Goue Suide te wees,
Is voorwaar vir die Rensburg-takkie 'n fees.

***Links: VLU-lede wat die tee by Heidelberg Gastehuis bygewoon het, is agter L-R Martie Britz, Cornie Kotze, Lida van Tonder, Dolly Geyer. Voor L-R Betty van der Merwe, Patsy Viljoen, Bets de Vos, Ria du Plessis en Hetta Kruger.***

Die Hotelskool van Hoër Volkskool het 'n vyfgang middagete bedien. Almal was dit eens:'n konferensie duisend. Soos een van Rensburg se lede tereg opgemerk het: "Ek gaan die Konferensie lank onthou, baie langer as my voete seer gaan wees."

'n Klomp moeë maar gelukkig en tevrede lede van Heidelberg en Rensburg kan met reg tevrede en gelukkig voel met 'n baie geslaagde aanbieding van Goue Suide se 6e konferensie.

*Overvaal Nuus, MeiAug2001*

# Goue Suide spog met twee "Klee 'n Nasie"-wenners

Baie geluk aan Gerda Lewis en haar groep van Naguile wat die algehele wenners was van "Klee 'n Nasie" 2000. Gerda en haar span het hulle uitmunted van hulle taak gekwyt en weereens bewys wat gedoen kan word.
Nog 'n uitblinker was Soekie Goosen van Brackenhurst wat R1 000 koopbewys gewen het vir die beste projekleidster. Die beste leerling was Sue Fourie (ook van Brackenhurst), wat 'n naaimasjien gewen het.



***Gerda besig om van die dames meer te leer oor uitleg en knip van patrone.***

Gerda se groep het bestaan uit 3 swart- en 3 wit dames. Die duur van die kursus was oor 3 maande (12 klasse). Die swart dames het geen kennis van naaldwerkmasjiene gehad nie, en die wit dames se kennis was baie beperk. Hulle word geleer van patroonmanupulasie en uitleg, afwerking en die regte keuse van material vir spesifieke kledingstukke.

Naguile het material geskenk wat hulle van Goue Suide streek ontvang het en daaruit is items gemaak soos, sweetpakke, baadjie en rugsak, 'T'-hempies, damesbloese en onderbaadjies. Al die dames is dit eens dat hulle nou met hulle kennis en idees hulle eie kledingstukke kan maak.

Ons is baie trots op dié dames en spreek die hoop uit dat "Klee 'n Nasie" in die toekoms net van krag tot krag sal gaan.

Rina van Tonder
Skakelbeampte: Goue Suidestreek.

**Goue Suide is trots op drie vonkelvoue uit die streek:**



*Elize van Biljon 2014 - Visarende*





*Lizette Pretorius 2019 - Goeie Hoop*

*Barbara Steenkamp 2023 - Brackenhurst*

Page 8 VAALSTER

# Eeufees-tapisserieë voltooi

**Mev. J. Swart, leraarsvrou van die Nederduits Gereformeerde kerk, Unitaspark op Vereeniging, het onlangs die vroue van die Suikerbos-tak van die VLU oor die ouer-kind-verhouding toegespreek.**

By hierdie geleentheid is die eerste van drie tapisserieë wat deur vier lede van die VLU gemaak word en reeds voltooi is, aan die lede van die tak getoon. **Die drie tapisserieë sal met die eeufeesvieringe wat in 1991 op die dorp plaasvind, aan die stadsraad oorhandig word.**



**Die vier ywerige werksters aan die tapisserieë, is voor links Tossie Luyt en Rita Enslin. Agter links is Elize van Biljon en Wilna Buter.**



***Tossie Luyt by haar 69 lepeltjies en 61 vurkies.***

# 130 binne 12 jaar!

Tossie Luyt het 69 lepeltjies en 61 vurkies vanaf 1987 tot 1999 bymekaar gemaak deur trofee te verwerf vir die meeste punte en inskrywings per jaar en vir die afdelings waarin sy gewen het. Saam met elke trofeë het sy 'n lepeltjie of vurkie ontvang. Tossie het al heelwat van hierdie lepeltjies en vurkies in stelle opgemaak en aan haar kinders gegee. Haar gesondheid is ongelukkig op die oomblik nie na wense nie en gevolglik kan sy nie meer so aktief deelneem nie. Suikerbos is besonder trots op hierdie merkwaardige vrou.

Baba Stander
Skakelbeampte: Suikerbos

**BRACKENHURST**

Die tak is op 7 November 1984 gestig met die eerste voorsitter Estelle Oosthuizen. Ander voorsitters was Alida Botha, Lulu Liebenberg, Suzette de Klerk, Lynnette Snyman, Elna Smit, Zelda Boshoff, Suzie de Beer, Barbara Steenkamp, Anna-Marie du Plooy, Maggie Enever en tans loop Marie Prins voor met 24 lede.

Die tak verower elf agtereenvolgende jare die mees gesogte Meeste punte-trofee tot 2009. Deur die jare word baie hoogtepunte en ook 'n paar kaskenades, skandes en skades beleef maar daaroor swyg ons liewer nou. Drie streekvoorsitters word deur Brackenhursttak gelewer: Lynnette Snyman, Elna Smit en Barbara Steenkamp.

Die tak is baie by die gemeenskap betrokke soos die plaaslike tuiste vir bejaardes en Lewenslig. Projekte soos "Klee-'n-Nasie" is destyds deur Soekie Goosen bestuur. *(sien berig op vorige bladsy.)*

Die tak neem ook deel aan netbalkompetisies, sowaar! Alhoewel genotvol, het die span glo nie te waffers gevaar. In 1986 word die Ogie-vriendin-gedagte gebore en elke maand is deelnemende lede 'n klein verrassinkie te wagte.

Die hoogtepunt van die 30 jaar is die nuwe vaandel en leuse "GEANKER" wat tydens die 2025 konferensie bekend gestel is. GEANKER" is ons leuse, want die vrou is die anker van die gesin en is ook geanker in haar geloof met God en haar vaste beginsels. Die vrou self verteenwoordig die simbool van lewe, liefde, begrip en sorg. Die hoed weerspieël haar nederigheid voor God, haar geloof en haar trots. Die bracken -varing (Adelaarsvaring) simboliseer, groei, wysheid, nuwe begin, en hoop vir die toekoms. Die ovaal blaarraam rondom beteken eenheid, balans, beskerming en volledigheid.

Toevallig vorm die brackenvaring ook deel van ons naam a.g.v. die BRACKENhurst area waar ons tak geleë is.

**SUIKERBOS - 66 jaar van vrouekrag en toewyding**

Suikerbostak is die oudste tak in die streek en is op 25 April 1959 tydens 'n boeredag op die plaas van mnr. Piet du Toit gestig met 31 stigterslede onder leiding van mev. Gravett, streekvoorsitter van Suid-Transvaal. Die dames van die Drie-Riviere-tak was ook by die geleentheid teenwoordig en het ondersteuning aangebied.

In die vroeë jare is vergaderings meestal op plase gehou. Ouer lede het as gasvroue opgetree, terwyl jonger dames hul kinders saamgebring het. Hierdie reëlings het gesorg vir 'n warm, huislike atmosfeer en 'n gevoel van samehorigheid onder die lede.

Oor die jare het die tak se lede met groot ywer aan kompetisies deelgeneem, en die bywoning van vergaderings was konstant goed. Die tak bestaan tans uit 17 lede.

**RENSBURG**

Die tak is op 20 Maart 1973 in die NG Kerksaal Rensburg met 14 dames gestig. Die lede was almal jong huisvrouens en onderwyseresse en in die dorp woonagtig. Hulle het ondersteuning van die plaaslike skoolhoof ontvang en gedurende die eerste 2 jaar reeds 'n modeparade gereël en koekverkopings gehou ter stuiwing van fondse.

Nou is dit 52 jaar later en 'n ryk geskiedenis van groot funksies met verjaarsdagvieringe konferensie-aanbiedings en vele ander is opgeteken.

Die huidige voorsitter is Susan Smit en die tak het 17 lede.

**VISARENDE DENEYSVILLE**

Die tak is op 14 Februarie 2013 gestig nadat dit voorheen as Deneysvilletak bekend gestaan en deel van die Vrystaat was. Daar was 12 lede met René Bredenhann as voorsitter. Sedertdien is die tak nou deel van die Overvaalprovinsie en het tans 24 aktiewe lede.

As ek terugkyk na die tak se fotoalbums van die afgelope 12 jaar, is dit duidelik dat kameraadskap, samesyn, vriendskap en deernis 'n groot deel is van die tak se dag tot dag bedrywighede. Net soos die afgelope 30 jaar so baie tegnologiese veranderinge gebring het, het die Visarende beslis nie agterweë gebly nie. Tegnologie word goed ingespan, WhatsApp groepe, Facebook en so baie ander tegnologiese hulpmiddele maak dit soveel makliker om die tak suksesvol te laat wees. Almal is ywerige flukse dames en ons gebruik ons talente tot voordeel van die tak se suksesverhaal.

As daar vir die lede gevra word wat in die tak uitstaan is dit beslis ons omgee vir mekaar. Hoe ons mekaar se hande kan hoog hou in tye van nood, siekte en die dood. In die Covid inperkingstyd was die tak se dames 'n veilige hawe vir medelede en dis merkwaardig hoe almal hierdie spesifieke tyd onthou as die beste VLU-tye. Al was dit deur bemoedigende WhatsApp boodskappe op 'n groep.

Die een hoogtepunt in ons bestaan was beslis 2024 se Goue Suide konferensie waar ons bevoorreg was om die ikoniese Kasteel in Deneysville te kon gebruik. Teen die Vaaldam as agtergrond, was hierdie funksie beslis een om op trots te wees. Ons ander passie is om te gee. Meeste dames in ons tak kan brei en/of hekel en is altyd ywerig besig om vir een of ander liefdadigheidsprojek te werk. Van komberse vir bejaardes tot skoentjies vir die kleinste babatjies en alles tussenin, is geen taak ooit te groot vir die Visarende-dames nie.

**NAGUILE**

Die naam sê eintlik wat die doel met die stigting van tak was, naamlik om 'n tak vir werkende dames te wees en is dit nog steeds so. Die tak is op 6 Februarie 1975 met 44 dames deur visevoorsitter van Suid Transvaal, Magda de Waal in opdrag van die streekvoorsitter, Joh Nieuwoudt, gestig.

Chris Brits was die eerste voorsitter en Connie van der Merwe die sekretaresse.

Vir veiligheidsituasie het takbyeenkomste egter van Dinsdagaand na Saterdagoggend laat verskuif. Ledetal is tans 32 lede en al die lede is aktief betrokke.

Naguile reik graag uit na die gemeenskap waar nood geïndentifiseer is en lede ondersteun mekaar deur dik en dun.

**GOEIE HOOP**



Die Goeiehooptak is 'n klein plaastakkie. Ons het nog nooit baie lede gehad nie. Die paar wat wel hier is (tans 10 lede), is ywerig, entoesiasties en wil altyd iets nuuts leer en is dames wat daagliks die beeld van die VLU probeer uitdra en promoveer.

Goeie Hooptak is op 22 Maart 1953 deur Anna Botha, streekvoorsitter van Hoëveldstreek gestig en later word sy takvoorsitter vir tien jaar agtereenvolgens. Sy en Ingrid van der Walt is die samestellers van die TVLU Gedenkalbum se 50 jarige bestaan in 1975.

Ons vaandel beeld uit: mielies, tarentale en heuwels - boervroue wat hulle mans ondersteun en bystaan. Ons weet noodsaaklike voedsel word geplant om kos aan duisende mense te voorsien.

# JAKARANDASTREEK

**JAKARANDASTREEK** bestaan tans uit 11 takke van die noorde van Pretoria tot verby Centurion in die suide en het 280 lede.

Die streek is op 17 Maart 1995 gestig met Moreen Snyman as eerste streekvoorsitter en visevoorsitters Tutti Rudman, Alet van der Tas en Georgie Louw, en Marie van der Merwe as sekretaresse.

Daar was 16 takke voor ontbondeling, naamlik Aroma, Bergsig, De Wildt, Eldoraigne, Fleur, Jasmyn, Magalieskruin, Monavoni, Monumentpark, Pretoria-Noord, Pyramid, Sintana, Skeerpoort, Valhalla, Voorbrand en Wierdapark.

Sedertdien het 9 takke ontbind: Fleur, Voorbrand, Jasmyn, Bergsig, Pretoria-Suid, Monavoni, Valhalla (2017), Verwoerd-burg en Doringkloof.

Vier nuwe takke is gestig: De Nuit (1999), Avante (2007), Naledi (2014) en Midstream (2018).

Streekvoorsitters oor die afgelope 30 jaar is: Tutti Rudman, Elza de Bruyn, Ida de Klerk, Barbara Nell en Lida van Niekerk.
Heléne Richter is tans die voorsitter.

In 2000 word 'n **Streeklied** aanvaar. Dit is 'n verwerking van "O Heer my God" deur Bets Lewis van Monavonitak *(sien onder).* Die streek het **twee pretrenne** aangebied (2003 en 2004). Spanne van twee elk is ingeskryf - die bestuurder en die navigator en passasiers as iemand wou saamry. Behalwe 'n roete wat gevind moes word, is tussenin uitdadings geplaas soos 'n bandruil, geblinddoek vorentoe en agtertoe tussen paaltjies deur bestuur en vele meer. By die wegspring waar ook die eind-punt is, was stalletjies met eetgoed vir die publiek en enige een wat wou deel in die pret (mini-basaar).

Sedert 2007 is **Gholfdae** 'n jaarlikse gebeurtenis in die streek. Dit is groot pret vir beide spelers en werkers (lede) en 'n goeie bron van inkomste. 'n Deel van die fondse gaan gewoonlik vir 'n verdienstelike organisasie, 'n prorata deel gaan terug na die takke en 'n deel aan die streek.

**Streekpieknieks** het by verskillende venues plaasgevind. 'n Speletjiesoggend was ook baie gewild.

**Boks vir 'n Boervrou-projek** is deur vele takke ondersteun. *(Onder gee Magalieskruin se Alida Simpson pakkies af).*

Lede word genooi om die streekverga-derings by te woon en 'n spesiale afsluiting word jaarliks gehou.

Die streek was medewerkers by twee



*Streekvoorsitters sedert ontbondeling in 2013 bymekaar: Moreen Snyman, Tutti Rudman, Elza de Bruyn, Ida de Klerk en Barbara Nell*

*Tutti Rudman, Barbara Schoombie (voormalige voorsitter Pretoria-Noord-streek), Georgie Louw en Moreen Snyman by die 10 de verjaarsdag-viering.*




*Piekniek by Hennops Pride 22 Ok-*



Ou en nuwe streekembleme.









Streekliedjie:

*Hier staan ons nou*
*As Landbou Unie-vroue*
*Ons leer om hier*
*Talente uit te leef*
*Ons sprei ons vlerke*
*En ons leef ons drome*
*Ons strooi die liefde*
*Oral om ons heen*
*Maar hier by ons*
*Ontdek jy ware vriendskap*
*Ons deel elk dag*
*Ons vreugd en leed*
*Ons loof ons Skepper en ons prys Sy naam*
*Hy lei ons steeds deur elke dag.*




*Advertensie op die motors in die rally.*

## NUWE TAKKE GESTIG:

**AVANTé** is op 24 Februarie 2007 gestig.

Voorsitters:

2007-2009 Annatjie van der Merwe

2009-2016 Diana Keulder

2017-2018 Amanda van der Merwe

2019-2024 Diana Keulder

2025- Annette Bester




‘n Inspirende werksklas wat Marleen Büre in Wolmer begin het as ‘n passie-projek, het vinnig gegroei tot ‘n VLU-tak.

Die eerste groot sukses? Die gewilde lappoppe wat tydens werksklasse gemaak is. Nie net het dit pryse losgeslaan nie, maar dit het ook finansiële geleenthede geskep vir die vroue wat dit begin verkoop het. Daar is ook aan Pretoria-Noord Krisissentrum poppe geskenk vir gebruik met kinders wat trauma ervaar het en hulle word steeds gebruik.



So het daar ’n trotse geskiedenis van kreatiwiteit, deelname en samehorigheid ontstaan. Die tak floreer steeds, gebou op die arbeid, toewyding en visie van sterk vroue. Tans is hulle 10 lede wat groot projekte aanpak en suksesvol voltooi.

Dogters-/seunskursusse in die wintervakansie word jaarliks sedert 2014 aangebied. (*Foto: 2025 se kinders by hulle geverfde hemde)*

### NALEDI AANDTAK

Nadat ‘n ywerige groepie dames sedert November 2013 bymekaar gekom het, is Naledi Aandtak amptelik op 12 Februarie 2014 met 12 dames gestig. Die bestuur was:

Kollie Esterhuizen (voorsitter); Hanli Reinecke (visevoorsitter); Poppie Odendaal (tesourier); Larissa Munnik (sekretaresse) en Mart-Mari Joubert (skakelbeampte).

11 Jaar het gevlieg en baie mooi herinneringe en baie vriendinne is gemaak. Met 23 lede tans is dit nog lank nie die einde nie …



*Mart-Marie Joubert, Larissa Munnik, Hanli Reinecke, Kollie Esterhuizen en Poppie Odendaal.*

**DE NUIT** - "van / in die nag" in Frans. Aandblomme in die embleem komplimenteer die aandtema.

Op 8 Februarie 1999, het nege stigterslede die aandtak, in Centurion, gestig. Tutti Rudman, destydse streekvoorsitter het die stigting waargeneem. Vandag, 26 jaar later, is Daleen Oosthuizen steeds ‘n lid van die tak en daar is 12 lede.



*Marisa Lategan, Daleen Oosthuizen, Joey Kruger, Hanli Holtzhauzen, Wilma Olivier, Christa Steynberg, Tutti Rudman. Voor: Linelle Coleman, Albie Beukes, Marie vd Merwe.*

Ons het as aandtak voortgegaan totdat die gevoel van onveiligheid om saans te ry en ook Covid-19, bywoning belemmer het. Hoe nou gemaak? Ons begin met elektroniese byeenkomste maar besef gou na die inperkingstyd dat die lekkerte van die takgeleenthede in samesyn en persoonlike kontak lê.

*“The secret of change is to focus all of your energy, not on fighting the old, but building the new.” SOCRATES.*

En … so transformeer ons van **“Vroue van die Nag”** na **“Vroue van die Saterdag”**, gefokus op persone wat nie gedurende weeksdae die luukse van VLU-samesyn het nie.

### MIDSTREAM

Die tak is op 20 November 2018 gestig en Johesta Smith was die voorsitter en die ledetal 11.

In 2019 is Carol Marais as voorsitter verkies nadat Johesta verhuis het. Bettie Boshoff word as die derde voorsitter op 17 Novemer 2023 verkies met 12 lede tans.



*Onder: Carol Marais en Elaine Potgieter, twee stigterslede, is nog steeds lede van Midstream.*



*Bo: Carol bedank Johesta vir haar leiding.*



*Bettie Boshoff*

**PRETORIA-NOORDTAK**

Dit is die **oudste oorlewende en steeds aktiewe tak** wat op 24 Januarie 1927 deur mnr A Kendall en mev P Derwig gestig is. Die taknaam, "Rosslyn Vrouetak van die TLU" met die leuse "Kyk Vorentoe" (steeds die takleuse) was die resultaat van 'n wedstryd. In 1965 is die naam na Pretoria-Noordtak verander. Hierdie tak is selfs ouer as SAVLU!

"As gevolg van 'n versoek van die Suid-Afrikaanse Rooi Kruis-vereniging aan die Boerevereniging van De Wildt om 'n vergadering te belê ter bevordering van Rooi Kruis-werk, het die Sekretaris van die Boerevereniging, Mnr. A Kennardt, in samewerking met Mev P Derwig tot die onkoste en opoffering gegaan het om die buurte deur te ry en spesiaal die dames aangemoedig om die vergadering by te woon, veral met 'n oog op die verwesenliking van die heimelike gedagte om 'n Vrouetak van die Transvaalse Landbou Unie te stig." (Uittreksel uit oorspronklike notule van 24 Januarie 1927 uit die notuleboek wat die mannetak van De Wildt aan die tak geskenk het. Die boek is tans nog in die tak se besit." *(Boek regs).*




**Voorsitters die afgelope 30 jaar** was: Alet van der Tas, Hester Botha, Alida Olivier, (waarnemend), Dolla Wolmarans, Wilma Brink en weer Hester Botha. Tydens Hester se eerste 6 jaartermyn, het sy die **taklied** se woorde geskryf - dalk die enigste tak met 'n taklied? Dolla Wolmarans het die nuwe takembleem bekendgestel (ongeveer 2015).

Die ledetal is tans die hoogste in die tak se bestaan - 37 lede (28 plus 9 nuwe lede sedert jaareinde).

**WIERDAPARKTAK**

Stigting: 3 Februarie1983, 21 dames het aangesluit met Rina Erasmus as voorsitter en dit haal die Verwoerdburgnuus. Verskeie berigte het oor die jare hierin en die Centurion Rekord verskyn.




SO lyk die nuut gekose bestuur van die VLU-tak Wierda Park. Hulle is (agter) Corien Taljaard, Rina Erasmus en Gerda du Preez. Voor: Louisa Nel, Sandra Viljoen, Felicity van Rooyen en Anneretie Retief.

**Enkele gebeure uit die argiewe:**

- 1986 maak Loula Retief 'n muurbehangsel van die TVLU-embleem wat tydens takvergaderings vertoon word.
- Eerste vaandel met leuse: "Lig gee lewe" word deur Lida Pieterse se man geskilder. In 2023 word 'n meer moderne vaandel in gebruik geneem.
- 1987 verower die tak 'n R50 prys met hul wenbydrae vir die Sarie-tydskrif se "Ons Help mekaar"-kompetisie.
- 1988 hou die tak 'n Gholfdag by die Irene Buiteklub ten bate van die Kankervereniging.
- 1989 word 'n bakkompetisie vir hoërskool dogters met Pick & Pay as borg gereël. Saambou skenk 'n wisseltrofee wat toegeken word aan die dogter wat die beste presteer in praktiese naaldwerk.
- Boekpryse is vanaf 1983 aan twee plaaslike laerskole geskenk en dit word later deur skole met wisseltrofees vervang.
- Twee Crafters Kinderweke word tydens die wintervakansie in samewerking met die NG Kerk Raslouw-gemeente aangebied.

Die tak het tans 37 lede en Arma Oberholzer loop voor.

**DE WILDTTAK – Gebore uit Oortuiging, Gedra deur Gemeenskapsgees**

Op 25 Oktober 1967 het 'n groep vroue by die huis van mev. A Schoeman saamgekom met 'n gedeelde droom – om 'n verskil te maak. Dit was hier waar die De Wildttak van die VLU gestig is, onder die leiding van mev. Daisy Müller, toe streekvoorsitter van die Pretoria-Noordstreek. Met warmte, vasberadenheid en 'n diep gewortelde gemeenskapsgees is die tak amptelik in die lewe geroep.

Die eerste bestuur, 'n span uitnemende vroue wat hul roeping met toewyding aanvaar het, het bestaan uit Mevv. Sannie de Villiers (voorsitster), Hettie Schoeman (visevoorsitter), Georgie Louw (sekretaresse), Arlene Engelbrecht (hulpsekretaresse) en Ans Schoeman (tesourier).

Saam met ander stigterslede soos mev. Nieuwenhuizen, H. Lubbe, Van Staden, R. Borke en Y. de Villiers, het hierdie dinamiese groep vroue nie net 'n tak begin nie, maar 'n nalatenskap geskep – 'n plek waar vroue hul talente kon uitleef, mekaar kon ondersteun, en hande kon vat om hul gemeenskap te dien.

De Wildt se vroue het dadelik ingespring: hul eerste skou in Maart 1974 was 'n glansryke sukses met ruim ondersteuning vanuit die streek. Die tak se teenwoordigheid by funksies, oggendtees en streekbyeenkomste het hulle sigbaar én onmisbaar gemaak.

Kultureel het die tak ook geblom. In April 1974 het die De Wildt-koor hul eerste optrede gelewer by die streekkonferensie, en later dieselfde jaar het hulle 'n uitsonderlike vertoning by die VLU-kongres in Buffelspoort gelewer – 'n hoogtepunt in die tak se vroeë geskiedenis.

Vandag, meer as 'n halfeeu later met 33 lede, leef die gees van daardie eerste dae steeds voort. Bekende De Wildt-name soos mevv. Alta Cillie en Georgie Louw pryk trots op die ikoniese groepsfoto's van die Pretoria-Noord-streek – 'n stille huldeblyk aan die rol wat hierdie tak in die groter prent gespeel het.

Die tak bly 'n simbool van vrouekrag, verantwoordelikheid en omgee – 'n tak wat nie net geskiedenis gemaak het nie, maar daagliks daardie nalatenskap met trots uitdra.

**ELDORAIGNETAK**

"Op 17 Junie 1964 kom die tak tot stand met 17 lede. Sedertdien het 25 voorsitters die tak gelei en op 'n stadium het die ledetal op 107 gestaan. Tye en omstandighede het egter drasties verander en vandag bestaan die tak uit 11 lede onder voorsitterskap van Nadine Esmeraldo.

Aan geesdrif is daar egter geen tekort nie en een en elkeen is trots om deel te wees van hierdie wonderlike organisasie.



*Foto: Stigterslede na 10 jaar nog lede.*

## MONUMENTPARK

Op 25 April 1967 kom 19 dames byeen vir die stigting van die tak. Mev Nonnie Greyling, streekvoorsitter van die destydse Pretoriastreek, neem die amptelike stigting van die tak waar. Mev Brits word verkies as voorsitter en die ledegeld word vasgestel op R1.20 en 10c vir teegeld.

Die ledetal groei van 19 tot 45 lede teen 1975. Hierdie styging getuig daarvan dat die tak die basis gevorm het vir dames van die omgewing om saam te kom, saam te werk en goeie verhoudings met mekaar op te bou. Hegte, lewenslange vriendskappe is so gevorm.

Die tak het hoofsaaklik bestaan uit jong stadsvroue wat ywerig was om die fyner kunsies van onthaal en huisvlyt aan te leer. **In hierdie jare was daar dikwels meer kinders as ma's by die vergadering!** Hulle is deur 'n huiswerker opgepas.

1974 word Anne Smith die voorsitter. Tutti Rudman is in 1975 verkies en met tussenposes verder as voorsitter herkies.

Tutti Rudman is met ontbondeling (1995) as die voorsitter verkies en daar was 34 lede.

Die gemiddelde ouderdom in die tak is 60 plus. Dames wat uit die arbeidsmark tree vorm deesdae die bron vir nuwe lede. In die tak is ook sewe opgeleide SAVLU Beoordelaars.


Sterk leiers het deur die jare uit die tak na vore gekom: Tutti Rudman was o.a. streekvoorsitter en Overvaal President en so ook Elza de Bruyn. Barbara Nell, tans Overvaal President, was ook streekvoorsitter. Heléne Richter is tans streekvoorsitter van Jakarandastreek - almal steeds lede van die tak.

Die tak het nou 40 lede en Amari Haumann is voorsitter.



*Anne Smith, met die lang serpie, het Mev Brits opgevolg en was voorsitter tot 1975 toe Tutti Rudman verkies is.*





*Amari Haumann (huidige takvoorsitter), Tutti Rudman (vroeër takvoorsitter, streekvoorsitter en Overvaal president) , Barbara Nell (Overvaal President en vorige takvoorsitter en streekvoorsitter) & Heléne Richter (Jakaranda streekvoorsitter en voorheen takvoorsitter), Elza de Bruyn, (vroeër takvoorsitter, streekvoorsitter en Overvaal president)*

## MAGALIESKRUIN




*1987 - takembleemontwerp. Christie Fourie, Marie de Meyer, Reneé Els en Nelie Labuschgne. medewerkers*

Die tak is op 21 Maart 1979 gestig nadat daar 'n behoefte vir 'n middagtak in die omgewing gevoel is, naas die Sintanatak wat in die oggende vergadering hou. Mev Barbara Schoombie was toe die streeksvoorsitter en sluit daarna self in 1980 by die tak aan. Eerste voorsitter was Elize van Dyk.

Ledegeld: R10.00 (teegeld ingesluit)

Met ontbondeling in 1995 het die tak 29 lede gehad. Tina Ainslie was die voorsitter.

Die eerste drie Dinsdae van die maand is VLU-dae: eerste Dinsdag is kuieroggende sedert 2010 (bloot vir sosiale verkeer), tweede Dinsdag vergadering en derde Dinsdag is sedert 1985 'n werksoggend waar iets prakties geleer word.

Een van die taklede se dogter, Jacolien van der Merwe, was ook vir drie jaar die Hattie Martins- beurshouer (1984-1987)

1988 het die tak groot gewaag en die Abraham Kriel (Jakaranda) Kinderhuis die takprojek gemaak. Badkamergordyne is vir 'n aantal badkamers gemaak, twee dogters is na die TVLU Winterskool gestuur en vir elkeen is 'n uitrusting voorsien wat bestaan het uit 'n langbroek, romp, baadjie en bloese - deur lede self gemaak.

1989 het die tak vir haarself gewerk en 'n erfstuk gemaak ter viering van die tienjarige bestaan. 'n Voorsitterstafeldoek is deur lede borduur.



*Drie oudste lede in 1994 aan wie ons steeds met liefde terugdink: Barbara Schoombie, Miemie Viljoen & Isabel Barkhuizen*


In 2004 tot 2019 (Covidtyd) het die tak jaarliks 'n huishulp-ete vir ons werkers aangebied.

Tans is Petra Neethling die voorsitter en die ledetal is 56.

## SINTANA

Die tak is op 13 Junie 1967 gestig deur Mev. Vera Smit en sy is die oudste oorlewende lid van Sintana en 92 jaar oud. Die eerste vonkelvrou van die Overvaalstreek, Marleen Büre is hier by haar in die verswakte afdeling van die Soetdoring Aftreeoord.






Die tak het tans 11 lede. Die embleem is deur Danie Smit, Vera se seun ontwerp. Dit stel die verryking van die vrou in die VLU voor wat weer op haar beurt verryking in haar omgewing uitstaal. Dit is met sybokhaar deur die meesterwewer, Me W Hindlôv geweef.

# PRETORIASTREEK

Met ontbondeling is twee streke, Pretoria en Pretoria-Suid saamgevoeg. Op 17 Maart 1995 tydens 'n konstitueringsvergadering, onder voorsitterskap van me Anna Boshoff (SAVLU President), is besluit op die naam Pretoriastreek met die leuse: 'EENHEID IN VERSKEIDENHEID'. Daar was 19 takke teenwoordig – 17 van Pretoria, Hattie Martins (Bapsfontein) en Van Riebeeck (Bronkhorstspruit). Die ledetal was 695. Die streekvoorsitter toe verkies is Elsa du Plessis. Takke wat by die stigtingsvergadering teenwoordig was maar nie meer bestaan nie, is Awendster, Glen Ashley, Hatfield, Kloof, Lynnwillow, Kerslig, Pierneef & Villiera. Meer onlangse taksluitings sluit in Eastford (2012), Queenswood (2013), Waverley (2018), Brooklyn (November 2018), Lynnwood (14 Junie 2019) en Strubenkop (Maart 2020).

Huidige lede van Pretoriastreek wat by die ontbondelingsvergadering teenwoordig was, is Annatjie van Zyl, Leonie Potgieter, Heleen Hertzog en Trippie Visser.

Tydens die eerste Dagbestuursvergadering op 23 Maart 1995 onder leiding van me Elsa du Plessis, is onder andere besluit dat die Streeksaffiliasiefooi R10.00 per tak en R 5.00 per lid sal wees.

**STREEKVOORSITTERS:**



Elsa du Plessis



Gisela de Vries
1998 - 2000



Edith McKay
2000 - 2009



Annatjie van Zyl
2009 - 2012



Lilly Coetzee
2012 - 2015



Leonie Potgieter
2015 - 2017



Hester van Heerden
2017 - 2023



Sally Ferreira

'n Nuwe **vaandel** vir die streek moes ontwerp word en is op 5 Maart 1999 bekend gestel. Die vaandel word tans hersien.

Omstandighede het geweldig verander en Covid-19 was 'n groot faktor in die daling van die ledetal vanweë sterftes en ander negatiewe impak van op baie lede. Sedertdien is daar weer groei in ons ledetal.

**Tegnologie** speel 'n groot rol in ons lewens en tydens die Covid-19 inperkingsperiode het ons almal geleer hoe om dit in te span om in kontak met mekaar te bly. Takvergaderings, die streekkonferensie en selfs Overvaal kongresse is met behulp van tegnologie aangebied.

Voorsitter, Sally Ferreira, dra die vaandel hoog. Van ons lede werk voltyds en daarom is daar ook twee aandtakke, naamlik Kroonblaar in Bronkhorstspruit en La Femme in Pretoria.

**Konferensies** bly die hoogtepunt van die jaar. 2014 sonder krag was 'n uitdaging 'but the show must go on" en improviseer is vroue se sterk punt. Met die laaste item waar die gaskunstenaar Johan Coertzen 'n slotlied, "O Heer my God" acapella sing, gaan die krag aan! Spontaan gaan daar toe 'n dawerende applous op en sommige dink die werderkoms het aangebreek. Toe almal tot verhaal kom, wonder iemand hardop hoekom hulle hom nie vroeër laat sing het nie...

Ons 21ste verjaarsdag is met al die kleure van die reënboog gevier tydens konferensie 2016 in Bronkhorstspruit. Vanjaar se 30ste verjaarsdagkonferensie was swierig gevier met die tema "pienk en pêrels". Dit was sag en vroulik – die beeld van die VLU-vrou.

Bekende kunstenaars soos Jak de Priester en Joshua na die Rreën het op twee spoggeleenthede opgetree en vele ander het gereeld by funksies gefigureer.

Lede van Pretoriastreek het oop hande en harte en dra graag by tot projekte wat 'n verskil maak. In Augustus 2019 is 488 pakkies geskenk vir die 'Boks vir 'n Boervrou'-projek. Die Rooivlam-projek (sanitêre doekies vir behoeftige dogters) is ook goed ondersteun en lede het in 2024 meer as 400 "I Can Can"-blikkies met sagte diertjies in, geskenk vir kinders wat in die hof moet getuig.

Die Streek bestaan tans uit 8 takke naamlik: Bapsfontein (voorheen Hattie Martins), Kilnerpark, Kleinfontein (nuutste tak 2024), Kroonblaar (Bronkhorstspruit), La Femme (aandtak), Meyerspark, Van Riebeeck (Bronkhorstspruit) en Wapadrant.

Pretoriastreek sien uit na volgehoue groei in ledetal en dat ons graag wil bekend staan as 'n streek wat opreg omgee, uitreik en moeite doen om vroue te bemagtig.

Die streek het aktief aan die **Volkstapisserie-projek** deelgeneem.en een vir die Administrateurswoning gemaak - soms het een onder en een bo gewerk. *(Kleurfoto's op bl…2)*





TRANSVALER ★ DINSDAG 14 MEI 1991

**Pragtige tapisserie vir Overvaal**

Dié pragtige tapisserie, wat deur die Vrouelandbou-unie se Meyersparktak in Pretoria gemaak word, sal een van die dae in Overvaal, die woning van die administrateur van Transvaal, hang. Mev Mignon Hough, die administrateursvrou, en mev Trippie Visser, die streekskakelbeampte van die VLU, staan hier by die tapisserie waaraan daar al agt maande lank gewerk word.

Foto: Raymond Dicker.

**BAPSFONTEINTAK (vroeër DIE HATTIE MARTINSTAK)**

"*Met 'n kennisgewing op Laerskool Witpoort se kennisgewingbord word alle dames genooi na 'n vergadering om 'n VLU tak te stig. 34 dames daag op, die ene nuuskierigheid want nie een van ons, behalwe Santa, het vantevore aan die VLU behoort nie. Ons het dus nie 'n idee gehad wat dit behels nie.*

*Santa verduidelik kortliks dat dit daarop neerkom dat die hoofdoel is om die dames op te lei om tuisteskeppers te wees; nie net om koekies te bak nie, maar ook aan 'n verskeidenheid sake van openbare belang bloot te stel - dit is dus 'n leerskool vir dames en klink baie interessant. Ons hoor nog baie dinge en aanvaar dit maar gelate; ons sal maar mettertyd sien waaroor alles gaan. In daardie stadium het ons nie geweet wat vir ons voorlê nie!* "- Bettie van Alphen.

Die tak word op 4 Maart 1971 gestig as Hattie Martinstak en Santa vd Westhuizen as voorsitter. In 2011 is die naam verander na Bapsfontein wat geografies meer sin gemaak het.

In 1995 was Hendrika Roodt die takvoorsitter. Die tak het nou 12 ywerige lede waar Mercia Coetzee die voorsitter is. Een van die stigterslede, Elba Becker wat nege jaar lank voorsitter was, is steeds 'n lid en ywerige deelnemer.

Ons missie is uitreiking, opheffing en sigbaarheid vir die vrou.

*"Vandag kan ek net dankie sê dat ons die voorreg gehad het om aan so 'n vereniging te kon behoort. Daar het ons alles geleer. Ons het vanaf "gewone huisvroutjies" ontwikkel in dames wat hoë posisies in die samelewing bereik het. Die VLU het daartoe aanleiding gegee dat 'n blommeklub wat oral in Pretoria bekend was, gestig is. My lewe sou baie arm sonder die VLU gewees het"- Bettie van Alphen.*




Verwelkomingsmuur by die groot kruising, is gerestoureer en nuut op 12 Maart 2011 ingewy met luglanterns (sky lanterns) wat met goeie wense in die lug opgestuur is.

In April 1999 is begin met die Hattie Martins Nuusbrief deur Mathilda Clifford, ook 'n voormalige takvoorsitter.

**KROONBLAAR AANDTAK (**Bronkhorstspruit)

Kroonblaar het 7 jaar gelede, op 11 April 2019 afgestig van die huidige Van Riebeecktak as gevolg van die behoefte aan 'n aandtak vir werkende dames.

Die tak het tans 12 lede waarvan 2 skoolgaande dogters is. Die groot verskeidenheid van ouderdomme van die lede sorg vir unieke geleenthede soos bv. 'n kombuistee.

Een van ons jeuglede, Penelope Jardim (16 jaar oud). het tydens die 30ste Pretoria streekkonferensie besondere prestasies behaal in die jeugartikels, 'n totaal van 3 eerste plekke.

Die jeug is vir die Kroonblare die VLU van môre – daarom dra ons graag vaardighede oor. Kroonblaar doen die afgelope twee jaar met Vrouedag 'n opbouprojek met die Loerie Huis se dogters waar ons hulle leer om verskillende naaldwerk en kunsvaardighede aan te leer.



Op 7 Junie 2025 is serpe, handskoene, en mussies -167 in totaal - verpak en orals in die dorp in bome, aan palissades, hekke en selfs padtekens gehang *(sien foto)*. Daar is ook items direk aan verbygangers uitgedeel om winterwarmte te versprei.

**KLEINFONTEIN** is op 9 November 2023 deur Sally Ferreira, streekvoorsitter, gestig. Die voorstel van 'n VLU-tak in ons omgewing het dadelik groot byval gevind vanweë die feit dat ander takke ± 30 km van ons af is en brandstofkostes daarheen 'n al groter probleem raak.

Retha Coetzer was die dryfkrag agter die stigting van die tak en ook die eerste voorsitter en ons spring aan die werk. Op 18 Januarie 2024 hou ons ons eerste volwaardige takvergadering waartydens 50 dames as lede aansluit.



Ons kies as embleem 'n uitbeelding van die Koningsprotea, ontwerp deur Chantelle Essex Ferreira. Miems de Klerk en Petro Botha regs het dit gemaak.

Ons beleef 'n besige en verrykende jaar waardeur ons leuse: "Groei en Blom" volwaardig uitgeleef word. Die simboliek van die blomblare in die embleem realiseer reeds in ons eerste bestaansjaar, deur die invloed en impak wat VLU Kleinfontein op die lede en die gemeenskap het, al hoe meer sigbaar word.

Tydens die twee wintervakansies sedertdien, bied ons 'n jeugprojek aan waartydens ons plaaslike skoolgaande jeug allerhande vaardighede leer.


Die huigdige ledetal is 41.

**KILNERPARKTAK** is op 24 Maart 1971 aan huis van mev. A Weitz wat ook die tak se eerste voorsitter was, gestig. Dertien dames het die stigtingsvergadering bygewoon. Die tak het tans 20 lede.

Kilnerpark se jaarlikse Opedae is altyd 'n hoogtepunt op die VLU-kalender. Daar was o.a. 'n modeparade deur die modeontwerper Henja Schaap en Erik Holm het sy lewensverhaal in sy verhoogstuk 'Trauma en Triomf' gedeel. In 2024 het Natasha Lyon, Suid-Afrika en Afrika se eerste en enigste heuning sommelier, vertel van heuning en bye.

Ons tak hou gereeld uitstappies en maak vele skenkings aan behoeftiges in die gemeenskap.

**LA FEMME -** Dit is 'n Franse woord vir "Die Vrou" en verteenwoordig die essensie van vrouwees en is ook inklusief van vroue oor alle grense.




Daar was 'n behoefte onder werkende dames om hul kreatiwiteit uit te leef binne 'n georganiseerde, dog gemeensame organisasie vir vroue. Die klem was dus om 'n aandtak te skep om dit vir werkende vroue moontlik te maak.

Die stigting het op 19 Julie 2012 geskied met 10 lede onder voorsitterskap van Martina Schoen. Die tak het hierna nog 2 voorsitters opgelewer naamlik Sanja Auty en Marianne Basson. Die huidige ledetal is 18.

**Hoogtepunte:**

Ten spyte van werksverpligtinge, poog die tak om ten volle deel te neem aan al die bedrywighede van die groter VLU-organisasie.

In 2022, vier La Femme hul 10de bestaansjaar met 'n luisterryke geleentheid waar ons vroue vereer het wat ons inspireer om ons eie verhale te herontwerp. So ook is 'n nuwe vaandel ontwerp en op 13 Maart 2025 onthul. Dit simboliseer dat haar lede almal volwaardig vrou is en dat ons diversiteit koester. Die golwende hare versinnebeeld versorging, hoe ons impak maak in ons omgewing en gemeenskap ter ondersteuning van vroue. Die blom simboliseer dat ons blom waar ons geplant is, geanker in geloof, hoop en liefde. Verder ook veerkragtigheid vir groei ten spyte van uitgagings in die lewe.

**La Femme… waar elke vrou iemand is.**

**VAN RIEBEECKTAK**




Voor die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het **Erasmustak** onder leiding van Mev. Mes bestaan. Van Riebeecktak is op 2 Februarie 1952 gestig met Mev. A. Zeeman as voorsitter en 'n ledetal van 22.

**Kosmostak,** wie se lede meestal jong plaasvrouens was, ontbind en word op 16 Februarie1993 met Van Riebeeck saamgesmelt.

1964 - 70 was ledegeld R2 per persoon. Tans is dit R500 wat 'n bydrae van R50 vir 'n verjaarsdaggeskenk insluit. Ander interes-santhede rakende geldsake:

- ◊ In 1966 was vervoerkoste vir afgevaardigdes 5 c per myl.
- ◊ In 1972 word 80c per persoon gekwoteer vir 'n kaas-en-wyntroue en R1,50 vir 'n buffetete.

Deur die jare was daar vele prestasies tydens konferensies op verskillende vlakke. Beskrywingspunte is ook ingedien en aanvaar.

Die oorspronklike vaandel wat in 1980 deur Max Vermaak ontwerp en geskilder is, word in 2018 vervang met 'n nuwe ontwerp.

Na 'n jaar se werk onder leiding van Susan Dreyer, het die tak ook 'n nuwe tafeldoek. Dit bestaan uit 28 blokke, is 4 m x 2 m en het R1 500 gekos.

Pannekoek en jaffels op bestelling gebak asook kosverkope by die jaarlikse Clover Hill Somerkarnaval is o.a. fondsinsamelingsmetodes maar sangopvoerings is ook gereël.

Naaldekokeroggende, wat gewilde kuier-en leergeleenthede is, ontstaan in 2012.

**Omgeeprojekte:** Hef 'n vrou op – 'n oggendtee is in 2018 gereël om huishulpe te bemagtig.

Tans is Yolande Steenkamp (2022) voorsitter en 31 in ledetal.

**WAPADRANT** is op 27 Mei 1986 met 23 lede gestig.

Die eerste voorsitter was Louwtjie Venter. In 1995 het die tak toe amptelik oorgegaan as nuwe tak in Overvaal met Leonie Potgieter as voorsitter. Nog voorsitters het gevolg en tans is Tibbie Odendaal die voorsitter. Die tak het 33 lede wat aktief betrokke is. Die jaarlikse program sluit sewe spesiale werksoggende in waar lede iets nuuts aanleer - addisioneel tot die vergaderings.
Kommunikasie binne die tak het met die tyd verander en die tak gebruik al vir 'n aantal jare WhatsApp-groepe om maklik met mekaar in verbinding te bly. Die groepe sluit in:

- ◊ Die geselsgroep – vir daaglikse kuier en ondersteuning
- ◊ Die bestuursgroep – vir beplanning en organisasie
- ◊ Die aankondigingsgroep – vir belangrike inligting vanaf die bestuur
- ◊ Die spanleiersgroep – waar aktiwiteite met elke groepie bespreek word.



*Eerste bestuur 1986*

**MEYERSPARKTAK** is op 18 Februarie 1959 deur nege stigterslede gestig. Die oorspronklike vaandel is deur 'n lid, Ronny van der Walt, se man Hannes ontwerp en uit hout deur Mev Henna Theron uitgesny.




Enkele interessanthede uit 'n lang en kleurvolle geskiedenis is 'n bustoer na die wildtuin wat deur 26 lede wat onderneem is om Skukuza se VLU-tak te besoek. Oppad daarheen is by Nelspruit VLU tee gedrink en by Graskop by VLU-lede oorgeslaap. By Skukuza VLU en in die wildtuin is gekuier en weer oppad terug, is by Middelburg VLU by Bokkie Badenhorst en lede oorgeslaap.

'n Tapisserie is in 1991 vir die Volkstapisseriekompetisie gemaak wat in die voorportaal van die destydse Administrateurswoning gehang is. *(Sien foto op bl.2).*

Meyersparkers was filmsterre op 'n stel saam met Rika Sennett, Ilse Roos & Paul du Toit in "Melk & Vleis".

Boeke is vir gevangenes ingesamel. Vroeër is boekpryse vir die beste Huishoudkunde leerling geskenk.

'n Maandelikse Nuusbrief word deedae per e-pos uitgestuur. Hulle kuier graag en woon somerskole en kongresse by en doen mee aan temas wat dikwels daar en ook by takvergaderings gegee word.

Die tak het tans 44 lede.

## ’N PAD VAN DIENS EN OMGEE

Met herstrukturering op 28 Maart 1995 was daar 20 takke in die streke wat saamgevoeg is (WWR & WWR-Oos), nl. Aucklandpark, Carletonville, Fairland, Goudrand (Dogters tak), Hekpoort, Krugersdorp, Lente, Linden, Madeliefie, Middelvlei, Onder-Ons, Protea, Randburg, Randfontein, Rodora, Roodekruin, Roodepoort, Westdene, Westonaria en Witpoortjie. Daar is besluit dat die streek die naam **Witwatersrand** sal hou. Corné Gaspar is toe as die eerste streekvoorsitter verkies.

Daar is tans agt takke en 177 lede in die streek.

1995 tot 1998
Corné Gaspar





1998 – 2004
Gerda Benadie

2004 – 2010
Maatjie Vollmer





2010 – 2016
Ina Booyse

# WITWATERSRAND



2016 – 2020
Hendi Joubert



2020 –
Adri van Niekerk

**Konferensie** word jaarliks deur 'n tak in samewerking met die dagbestuur aangebied. Ons werk alfabeties op die lys af. Die tak is verantwoordelik vir alles - van die huur van die venue tot die ete. Die takke befonds dit uit die gelde ontvang van dames wat betaal om dit by te woon. Enige ander ekstra onkostes soos versierings van die saal, ensovoorts is vir hul eie rekening. Die takke begin gewoonlik lank voor die tyd om ekstra fondse in te samel. Die streekvoorsitter reël die gasspreker en die tak die sanger of ander vermaak. Die kompetisiesameroeper is verantwoordelik vir die beoordeling van kompetisieartikels en die uitstal daarvan. Ons oorhandig nie meer trofee's aan die dames nie. Hulle kry slegs 'n sertifikaat en klein geskenkie as die streek se fondse dit toelaat. Die takke betaal vir twee afgevaardigdes en die streek dra die koste van die eregaste en die dagbestuur.

Sommige takke hou **ekstra kuieroggende** waar hulle veral aan die kompetisieartikels aandag gee d.m.v. demonstrasies of werksklasse. Die takke wat aktief hieraan deelneem is Fairland, Krugersdorp en Lente.

Die **streek se hooffokus** is om vroue te bemagtig en te ondersteun - soos die bedoeling van die VLU van die begin af was. Die bewys is daar deur middel van die projekte waar gee, dien en saamwerk in die streek ‘n verskil in vrouelewens maak. Hulle inspirasie leef voort in elke projek en elke lid wat ’n verskil maak. Ons slagspreuk is **“Vroue wat saamwerk om 'n verskil te maak”.**

Selfs tydens moeilike tye, soos die **COVID-19 pandemie** in 2020, het die streek nie opgegee nie. Hulle het konferensie aanlyn gehou en steeds ’n nuwe voorsitter verkies!

Die streek en takke het vir 17 jaar lank die **uitstallings by die Randfontein-skou se Handvlytafdeling** hanteer maar die skou bestaan nie meer nie.

### WESTONARIA

Die tak het tans 12 lede onder voorsitterskap van Carol Boonzaier.

Hoogtepunte in ons tak was:

◊ Vaandel op 29 Maart 1999 onthul.
◊ Mev Molly Painter, vanaf die Britse Ambassade, wat ons tak besoek en een aand onthaal het met Engelse geregte en die volgende aand ‘n Boere-braai... Voorwaar ‘n eerste.
◊ 1998 lê ons ‘n beskrywingspunt voor oor die toestand van die water in ons land.
◊ Besoek Shalom Kinderhuis vir ongewensde kinders; koek gebak vir Voorpos Laerskool met die viering van ’n Afrikaanse dag; vele teddiebere aan die polisie, paramedici en dokters vir verspreiding geskenk en vele ander.
◊ Die biblioteek van die E-GGSA (e-branch of the Genealogical Association of South Africa) is ‘n insiggewende gebeurtenis om meer van voorsate te leer en hoe om navorsing daaroor te doen.

### LENTE

Die tak is in 1995 gestig. Marie Scott was die sekretaresse en ander lede wat die grootste deel van die volgende 30 jaar lede by Lentetak is, is Lorette Prins (61 jaar al lid van die VLU), Rosemarie Botha en Estelle Kruger. Die tak het tans 46 lede en Hilleze Schreuder *(foto regs)* is die voorsitter.



Liefdadigheid was deurentyd ‘n besondere fokus van die tak se bedrywighede en het skenkings van nuttige produkte, fondse, tyd of fisiese hulp en verversings ingesluit.

Daar is geskilder, gedans, werksklasse bygewoon, geluister na ‘n menigte interessante sprekers, fondse is gestuif met wen-die-prys, ysbrekers gehad en kompetisies aan deelgeneem.

Vir etlike jare speel die tak met een vergadering rolbal en sop en botterbroodjies word geniet - baie pret!

Met die tak se 60 ste verjaarsdag is ‘n swierige oggendtee aangebied. ‘n Eie resepteboek met 60 getoetste resepte is uitgee. 16 Nuwe lede word in hierdie jaar gewerf!

Gedurende 2014 neem die tak deel aan die brei en hekel van blokkies om die trappe voor die Voortrekkermonument met ‘n kombers te bedek. Die volgende jaar vind ’n eie Masterchef-kompetisie plaas.

Mei 2016 word 133 artikels op een dag ingeskryf.

‘n Artikel oor Lentetak word in 2017 in die WBPV se Country Woman-tydskrif gepubliseer.

Die streekkonferensie in 2023 word aangebied met staatmakerresepte van Willie Strauss, spreker van die dag. Die lede lyk pragtig in eenvormige voorskote en die dag sal ons sekerlik vir altyd bybly as ‘n hoogtepunt van saamwerk.

**PRET IS NET PRET AS ALMAL SAAMSPEEL.**



Die streek het oor die jare groot funksies aangebied soos 'n modeparade met **trourokke van ons eie lede oor die dekades**. Die dames het hul rokke vir die geleentheid geskenk en self as modelle opgetree of 'n dogter of kleindogter het dit vir haar gedoen.

Nog 'n **"Van Toeka tot Nou"-modeparade** is gehou waar die dames modelle was met klere van die 1920's tot 1980's. *(foto regs)*

In 2025 is 'n groot funksie met 266 gaste aangebied met **Susan Coetzer, Afrikaanse Skrywer van die jaar,** as gasspreker. Die doel van die funksie was om fondse in te samel en ook om die VLU aan die mense van buite bekend te stel. Daar was ook uitstallers wat van hul produkte te koop aangebied het.

Die hoogtepunt was die onthulling van die streek se **vaandel** op 'n uittrekbanier, wat die slagspreuk bevat en ook meer sê van wie ons is en wat ons doen.

Tydens hierdie en ander funksies, word takke die geleentheid gegee om te kom uitstal en hulle ware te verkoop. Die streek kry dan 'n uitstalfooi.

Oor die jare het verskeie **projekte** plaasgevind. Die streek het:

◊ Twee keer 'n **"Knit in Public"-dag** gehou waar lede in 'n winkelsentrum in die openbaar gesit en gebrei of hekel het. Dit was deel van 'n wêreldwye "Knit in Public" wat jaarliks deur vroue gedoen word. Die streek/takke wat by die winkelsentrums sit, stal gewoonlik hul vaandels ook uit en bemark dan so ook die VLU.

◊ By een so geleentheid is die **Kankervereniging** betrek waar ons borsprosteses (Knitted Knockers) gebrei en aan hulle geskenk het. Saam met die Knitted Knockers het ons ook kussinkies gestik vir die dames wat 'n mastektomie gehad het om onder haar arm vas te knyp met 'n sakkie wat sy aan haar arm kon dra vir die dreineringsakkie.

◊ **657 sanitêre doekies** gemaak vir Anphia Grobler, SAVLU-president ten tye, se projek vir meisies in afgeleë gebiede. Lede het bymekaar gekom en die doekies gestik.

◊ Deelgeneem aan die **Eco Bricks**-projek

◊ 596 **beertjies** vir mishandelde kinders in 2023 gebrei. Die speelding is in omgee-pakkies geplaas wat deur die polisie uitgedeel is om kinders te help wat trauma beleef het.

◊ In **2024** is gewerk aan die **"I Can can"-projek** om kinders wat in die hof moet getuig te ondersteun.



◊ Hierdie jaar as borg opgetree het by **Florida Hoërskool se Pretbak.** Op hulle Facebookblad sê hulle: *" Die mengbakke het geroer, die versiersuiker het gespat en die Pretbak 2025 was 'n absolute fees van kreatiwiteit! 'n Smullekker dankie aan ons borge, veral die VLU Witwatersrandstreek vir hul ruim bydrae tot ons seniorpryse."*

Die skool bied elke jaar 'n Junior en Senior Pretbak aan waar enige leerling uit die skool (nie net Verbruikerstudie nie) kan deelneem aan 'n koekversierkompetisie volgens 'n tema - hierdie jaar "Cakes through the ages". Die senior afdeling is Gr 10 tot 12 wat groot koeke bak en die juniorafdeling Gr 8 en 9, bak kolwyntjies. Adri van Niekerk en twee onderwyseresse was die beoordelaars.




**ROODEPOORTTAK – 'n Ryk Erfenis van Diens en Saamwees**

Die tak is op 3 September 1953 gestig met aktiewe lede oor die jare heen. Die dames het met ywer spyseniering en dinees gereël vir fondsinsamelings en daardeur 'n merkwaardige bydrae tot die gemeenskap gelewer.

Een van ons mees toegewyde lede, Annemarie le Roux, dien reeds 56 jaar lank getrou in die tak. Ons oudste lid, mev. Renée van Niekerk, is trots 93 jaar oud en steeds 'n gewaardeerde deel van ons saamwees.

In 2006 is Esta Veldsman as voorsitter verkies en het later ook die rol van streeksekretaresse vervul. Tans dien sy as beide sekretaresse en tesourier van die tak.

Hoewel ons getalle deesdae kleiner is, met 17 lede en 'n gemiddelde ouderdom van 83 jaar, is die gees van die Roodepoorttak springlewendig. Ons dames mis geen saamkuier nie en bly gemotiveerd en positief oor die toekoms.

**RIDDERSPORETAK**

Die tak is op 28 November 2002 gestig, gebore uit 'n behoefte vir 'n aandtak vir werkende vroue. Bettie Boshoff was die eerste voorsitter van die 13 stigterslede. Ledetal is tans 14.

Deur die jare het die tradisionele vergaderings plek gemaak vir werkswinkels waarin lede verskeie vaardighede kon aanleer. Daar is aktief uitgereik na die gemeenskap en aan verskeie projekte deelgeneem ten bate van kinders en bejaardes. Die jongste lid: Kristen Becker (21 jaar oud), het die huidige (en ook eerste) vaandel van die tak ontwerp wat in 2025 bekend gestel is.

*Gretha van der Nest hekel eiehandig 600 "Worryworms" (wikkelwurms) met die Covid-19-projek en aan Hoërskool Hoopstad ge-skenk. Nog baie meer is deur die tak aan ander instansies geskenk.*



**FAIRLANDTAK**

**Gestig op 4 Februarie 1954 in Johannesburg.** Die tak is gevestig in die voorstad Fairland en het begin met 17 lede en is tans 36 meelewende lede wat met entoesiasme en toewyding aan projekte en aktiwiteite deelneem.

- Eerste voorsitter: Me. J van Niekerk
- Voorsitters deur die jare:
  - Anna Pienaar
  - Ina Booyse – was ook president van VLU Overvaal en visepresident van SAVLU.
  - Susan Greyvenstein
  - Cornel du Plessis
  - Huidige voorsitter: Salome de Jager

**Hoogtepunte en Bydraes**

- Fairland het aktief deelgeneem aan die **stigting van RAU** – tans bekend as die Universiteit van Johannesburg.
- As stadstak het Fairland ’n sterk fokus op omgee en gemeenskapsdiens.

Fairland Tak se nalatenskap van diensbaarheid, leierskap en betrokkenheid is ’n inspirasie — ’n ware toonbeeld van **“Omgee met kreatiewe hande”** in die stad se hart.



**KRUGERSDORPTAK:** 'n Erfenis van Susterskap en Skeppingskrag, het in 14 Augustus 1958 sy ontstaan gehad met 'n groep van 30 dinamiese vroue wat 'n gemeenskap van ondersteuning, groei en kreatiwiteit wou vorm. Sedertdien het die tak gegroei in karakter en toewyding en het dit 'n veilige hawe geword waar vroue maandeliks saamkom vir inspirasie, vriendskap en ontwikkeling.

Die tak het oor die jare talle voorsitters gehad :

1996 - 2001: Maatje Vollmer 2002 - 2004: Edna Wentzel 2005 - 2007: Adri Botha 2008 - 2009: Edna Wentzel 2010 - 2012: Maryna van der Merwe 2014 - 2023: Hendi Joubert 2024 - Henriëtte du Toit 2025.

Die Prikkeltafel ontstaan in 1996 - 'n kreatiewe uitlaatklep waar lede maandeliks hul skeppings met trots ten toon stel. Hulle het ook sterk deelgeneem aan die destydse Randfontein-skou waar gereeld pryse behaal is en lede ook demonstrasies gelewer het.

Uitstappies is gewild. Kennisontwikkeling is altyd sentraal en talle kursusse is bygewoon en beoordelaarskursusse aangebied. In 2012 is hul eie wenkeboekie uitgegee - 'n praktiese en gewilde hulpmiddel wat steeds sy plek in menige kombuis en ateljee het.

Soos alle ander takke, het Krugersdorp ook die uitdagings van die COVID-inperking in 2020 oorleef. Ten spyte van 'n daling in ledetal het die tak vasgehou aan hul missie en sien nou weer nuwe lede wat maandeliks aansluit - tans 32 lede.



Die VLU Krugersdorp-tak is vandag 'n waardige erfgenaam van dekades se vrouekrag, kreatiwiteit en kameraadskap. Hulle is nie net bewaarders van tradisie nie, maar ook baanbrekers van nuwe idees en verbondenheid. *(Foto: Voorsitters Henriëtte du Toit & Hendi Joubert)*

**FUCHSIATAK**

Gestig op 28 November 2002 waar Bettie Boshoff verkies is as eerste voorsitter. Maatje Vollmer word in 2004 streekvoorsitter en Bettie Boshoff streekvisevoorsitter.

Volgende voorsitters is Ilse Erasmus (2005), Debbie Coetzee (2008), Santjie Combrink (2017), Maryna van der Merwe (2018).

**2020: Covid-19** tref die wêreld en aktiwiteite is vir drie jaar ernstig beperk. Lede ervaar hartseer met die afsterwe van vier lede en ander familie.

**Omgeeprojekte en Herlewing**



Die tak reik uit na dogters by die Sentrum vir Fisiese Gestremdes in Krugersdorp-Wes, KANSA, The Cradle of Hope (SAVF), Footprints Ministry en Castaway Animal Sanctuary.

‘n Jaarlikse winterskool word in Julie met die tema “Bemagtig 'n Kind en Volwassene” aangebied. Aktiwiteite is aangepas vir verskillende ouderdomsgroepe en volwassenes.

Die tak het nie meer takkompetisies nie, maar fokus op praktiese werkswinkels wat konferensie- en kongresartikels dek.

Die vaandel is ook gemoderniseer.


Ria Henning *(foto)* het derde prys op kongres behaal met die geborgde Miami-broodjiekompetisie waarop die tak baie trots is. Ledetal tans is 14.

**MIDDELVLEI** word in Julie 1980 deur Me. Lena Nolte, streekvoorsitter van die Witwatersrand gestig met 8 lede. Me. M. Chamberlain was die voorsitter en sy het ook die embleem gemaak – gekerf uit hout – wat tot vandag toe nog gebruik word. Die tak was ook elke jaar betrokke by die Huisvlytafdeling van die Randfontein Skou en het vele prestasies oor die jare behaal en het uitgereik uit na verskillende welwillendhede. Na die afsterwe van die voorsitter, Ria Herbs in 2023, was die tak in sak en as en was ontbinding ‘n opsie vanweë leierskap en lede wat bedank of na ander takke oorgegaan het. Konferensie was egter voor die deur, baie voorberedings en aankope was reeds gedoen en ter ere van Ria se gesindheid, het **Judy Wagner** die leisels opgeneem, die tak oorleef en is daar tans ses lede.

*Judy Wagner, Elaine de Koker (visevoorsitter), Tertia Herbs, Lettie Bosman Voor is Francis vd Merwe (sekretaresse) en Bokkie Meyer (Skakelbeampte)*




Release your inner creativity
Jeep
Happy Birthday


Met ‘n gebed van dankbaarheid
en ‘n glasie van gelukwense
vier ons die verlede
en gaan die toekoms in
met verandering waar nodig
en opgewondeheid oor
nog ‘n 100 jaar war voorlê.